

Ons Storiewa

Omnibus van GGSA Vaaldriehoek

Uitgawe 7 Jaargang 7

'n Naam wat die Kakies moes laat sidder Steyn en Adie de Beer	1	Hier is hy! Ons <i>sewende</i> wa is deur die drif, en dis 'n <i>bielie</i> van 'n wa propvol lekkerlees stories.
Christiana, my grootword dorpie Anet Lingevelder	3	
Die verhaal van die Diyatalawa kissie Cathy Potgieter	5	Soos in die verlede was dit vir my 'n fees om al julle uiteenlopende bydraes te lees. Die redigering en uitleg van vanjaar se uitgawe was veral vir my 'n aangename taak omdat ek weereens Kobie Ströh se ondersteuning gehad het met die invorder en heen-en-weer stuur van die stories. Sy het ook gehelp proeflees om spelfoute reg te maak wat my ontglip het. Renier Feldtmann se arendsoog en puntenerige liefde vir korrekte Afrikaans het gesorg vir die finale blinkvryf. Dankie julle twee!
Formidabele vroue Erna Buber-deVilliers	9	
A Documented Journey of Thomas Wilcox Germaine Smith	17	
'n Roer vir 'n Boer... én 'n Brit Gys Ströh	22	
'n Paar stukke gereedskap... om te onthou Hennie Steyn	24	
Die storie van my pa - Charles Pieter MARAIS Joan van Ellewee	27	
Toeval of bestiering, nr3 Johan Naudé	36	Dankie, ook, aan elke lid van ons Vaaldriehoek tak wat bygedra het. Ek weet dit kos moed om jouself bloot te stel deur dinge wat jou na aan die hart lê met ander te deel. Dit kos dissipline " <i>to apply the seat of your pants to the seat of your chair</i> " sodat die storie in jou kop op jou rekenaarskerm kom!
Die vreemde verhaal van Adolf Soltke Kobie Ströh	37	
Gedenkboek vir Pa Nico Muller	43	
Dolosse en kleiosse Piet de Coning	47	
Plaasskole Quarta Pretorius	50	Ek glo ons het saam weer 'n kleinood geskep wat van betekenis vir die wyer GGSA gemeenskap sal wees, en vir ons familes en ons nageslag. Ek voel trots op ons bladjie wat so gedy het: van 36 bladsye deur 12 skrywers sewe jaar gelede tot 67 bladsye deur 18 yweriges! Welgedaan!
Knysna Doopregister Renier Feldtmann	53	
Aartjie na sy Vaartjie. Wie ry wat? Sampie Orten	57	
'n Kort botteltjie, groot gif! Stefanus Jesaia Jansen van Vuuren	61	Ek hoop elkeen van julle gaan mekaar se stories almal aandagtig deurlees, en aan mekaar daardie swaarverdiende pluimpies uitdeel wat harte blymaak.
Poskantoor herinerringe én Plaas Kersfees Wilma Jansen van Vuuren	62	
My Pa se Engelse name – Waar vandaan? Hendrik (Pottie) Potgieter	64	

Erna 2018.11.



'n Naam wat die Kakies moes laat sidder

Steyn en Adie de Beer

Adie vertel:

'Die seun is op 13 Oktober 1903 net na die oorlogsjare gebore. Die moeder het besluit om hom **Kruger Steyn De Wet De Beer** te noem. Sy wou dat die Engelse van angs dood neerval as hulle die name hoor: 'n president en twee generaals se name.'

Daardie seun se seun is op 22 Augustus 1948 gebore, en die name is ook aan hom gegee: 'n **tweede Steyn Kruger de Wet de Beer!** Hy onthou liggend dat wanneer juffrou op skool sy name en van uitlees, staan daar vier seuns op. Tydens sy skooldae was hy as Kruger bekend, maar toe hy ná skool weermag toe is, het hy sy noemnaam verander na Steyn. So 'n rukkie gelede was hy in die hospitaal en die verpleegster kom na hom toe en sê sy soek na Mnr de Wet. Later het sy darem agtergekom dis eintlik Mnr de Beer.

Ons het besluit om nie ons seun met al die baie name te belas nie. Hy is net Dewald Steyn de Beer. Verrassend genoeg is hy baie trots op sy tweede naam.'

* * *

Steyn vertel:

Oupa David Pieter DE BEER *19.10.1850 ≈5.12.1850 x Francina Herculina Christina PRETORIUS †5.12.1940.

Hierdie egaar het ses kinders gehad, vyf voor die Anglo-Boereoorlog uitgebreek het. Oupa is as krygsgevangene Ceylon toe. Francina is op 39 jarige ouderdom met haar vyf kinders in Rouxville gevange geneem, en onder haar man se naam as Mevrou David de Beer in Aliwal Noord konsentrasiekamp opgeneem. Beide sy en al haar kinders (Johannes 14, Andries 13, Minnie 9, David 5 en Jacobus 21 maande) het die haglike toestande en siektes in die konsentrasie kamp oorleef. Hieronder is 'n afskrif van haar kamprekord vanaf die database op

<https://www2.lib.uct.ac.za/mss/bccd/> - British Concentration Camps of the South African War 1900-1902.

Name:	Mrs David de Beer
Born in camp?	No
Died in camp?	No
Gender:	female
Race:	white
Marital status:	single
Nationality:	Free State
Occupation:	market master & town clerk
Registration as head of family:	Yes
Unique ID:	56921
Camp History	
Name:	Aliwal North RC
Age arrival:	39
Date arrival:	12/01/1901
Farm History	
Name:	de Beer family
Town:	Rouxville
Status of Husband	
Type:	POW
Notes:	Ceylon
Relationships	
Mrs David de Beer is the mother of	Master Johannes de Beer Master Andries de Beer Miss Minnie de Beer Master David de Beer Master Jacobus de Beer

Daar is goed wat hier met die eerste oogopslag nie sin maak nie. Wie was nou eintlik die head of family? Wie se beroep word hier aangegee? En hoekom is MRS de Beer dan Single?

Die Steyn's vertel dat Herculina so 'n korrelkop en vol haat was dat sy geweier het om haar eie naam vir die Kakies te noem, en net haar man wat in ballingskap was se gegewens opgegee het.

Gebruiklik was die man die head of family en dit is sy beroep ook wat op die vorm aangevra is. Vrouens het mos nie destyds eintlik beroepe gehad nie.

Na die ABO is Oupa Dawid en Ouma Francina se sesde kind gebore en dit is waar die bitterheid, trots en onoorwonne gees van die moeder duidelik na vore kom met die naam wat sy vir hom gekies het.



My pa, **Kruger Steyn De Wet DE BEER**. Gebore 13.10.1903 te Rouxville. Hy het later jare 'n winkel in Warrenton gehad en het daarna verhuis na Brakpan waar hy vir Sappi gewerk het. Hy is daar oorlede in die Verre Oosrand Hospitaal, Springs, op 9.9.1963
x **Anna DE BRUIN** *11.12.1907
†7.6.1955

Hulle het vier kinders gehad:
David Pieter *23.4.1 1933 †28.4.2017
Cornelius Stephanus
*2.1.1937 †11.4. 1994
Francina *23.4.1940 †10.11.2005 en

Kruger Steyn De Wet DE BEER
*22.8.1948 Nylstroom



My ma Anna is oorlede toe ek 6 jaar oud was. My pa was weg om voorraad te gaan koop vir die winkel. Sus Francina het by ons ma geslaap die nag toe sy in haar slaap oorlede is. Pa het weer getrou: xx Brakpan, Catharina Elizabeth Roux KRUGER

Pa is oorlede toe ek so 13 of 14 was. Ek het toe by my tweede oudste broer gaan bly. Ek het direk na matriek begin werk en is daarna weermag toe. Daarna het ek op my eie gaan bly en na-uurs gestudeer terwyl ek gewerk het. Ek het getrou met my vrou Adie, **Ada Emily Sally HAARHOFF** *19.2.1953 Durban. Ons is vandag afgetree en woon in Pretoria. Ons is geseënd met 'n pragtige dogter Lizelle de Beer BUCKLEY *1987, 'n seun Dewald Steyn DE BEER *1990, en 'n kleinseun Logan *2015.

8008

Dr Dorian Haarhoff is 'n begaafde en inspirerende skryfafrigter. Hy woon in Somerset Wes, maar reis oor die hele land (en wêreld!) om groepe mense toe te spreek. Ek het al 'n hele paar van sy 'woordwinkels' bygewoon en kan daarvan getuig dat hulle uitsonderlik leersaam en inspirerend is. Daar's 'n spesialewoordwinkel vir genealoë. GGSA takke kan met hom in verbinding tree om dit as gasspreker aan te bied. - Erna

Families and Ancestors - Telling and writing your stories

Everybody has a story and can find the way to write it. In the safe place of Dr Dorian Haarhoff's wordshop you will find the writer inside you. Our stories are gifts we give each other, and gifts we one day leave behind us, for one day we too will be ancestors. We tell and write our stories and place them next to those of our family, immediate, extended and chosen. The wordshop also touches on healing the family tree. This wordshop will build your confidence. You will explore how to • align yourself with the one inside who knows how to write • find your voice • breathe life into the words and let words breathe life into you.

Dr Dorian Haarhoff
cel 082 873 6802

8008



Christiana, my grootword-dorpie

Anet Lingevelder

My mammie se ouers het vyf dogters gehad waarvan sy die vierde was. Haar pa, my oupa, was Pieter Louis ROSSOUW *24.8.1870 †3.10.1947, een van vier kinders. Hy was 'n wewenaar met 'n driejarige seuntjie, Stefaans, toe hy met my ouma getroud is. Ouma was Anna Maria Helena THERON *3.10.1886 †26.6.1964, en sy was die laaste van haar ouers se vyftien kinders.

Oupa se seun het nie by hulle grootgeword nie en ongelukkig kon ek nog bittermin inligting omtrent hom en sy nageslag in die hande kry. Oupa en Ouma is albei op die ouerdom van sewe-en-sewentig jaar oorlede, maar Oupa natuurlik lank voor Ouma, want hy was sestien jaar ouer as sy.

Hulle was Bolanders en baie bekende inwoners van die Tulbach distrik, waar Ouma op een van die plase grootgeword het. Oupa het glo van die Wellington distrik af gekom. Van die boere in die distrik het hulle vrugte vir Oupa gebring, wat dit verwerk het deur dit op draadrame te pak om te droog. Die rame is op stellasies gepak en moes vir 'n dag of twee in swaelhokke staan, voordat dit oopgepak is om in die son droog te word. My mammie het vertel dat hulle soms moes help om die vrugte omgedraai te kry. Die gedroogde vrugte moes dan op die ou end aan Wellington Dried Fruit Company gelewer word. Met die geld wat hy so verdien het, het oupa vir sy familie gesorg. Hy is dood voor ek gebore is. Ek het hom nie geken nie, maar hy was glo die sagte en liefdevolle een, terwyl Ouma maar streng en kwaaiiger was en glad nie gediend daarmee dat ons as laerskoldogtertjies 'shorts' gedra het nie, al het ons gaan piekniek hou by die rivier.

Soos gesê het Oupa en Ouma vyf dogters gehad. Die oudste (Tannie Bess), middelste (Tannie Lena) en jongste (Tannie Pieta) het in die Boland getrou en hul kinders daar grootgemaak. Maar dogters nommer twee (Tannie Hilda) en vier (ma-Ina) het noorde toe getrek. Tannie Hilda het haar vyf kinders in Potchefstroom sien grootword en ná my pa en ma bietjie rondgetrek het, het hulle in 1956 op Christiana geland. Daar het ons vier kinders grootgeword en gematrikuleer en stewige vriendskapsbande gesmee wat tot vandag toe nog bestaan.

Christiana lê op die pad Kaap toe as jy van Johannesburg af oor Kimberley sou ry. As jy in die Vaaldrifhoek woon, het jy die keuse om oor Bloemfontein of oor Kimberley te ry. Tans is albei die paaie nuutgemaak en breed en ons het onlangs, na baie jare, weer die Kimberleyroete begin gebruik. Ek sal enigeen aanraai om 'n slag oor Kimberley te ry - as jy gewoonlik die ander een gebruik - want dis 'n heerlike stil pad en daar is lieflike plekkies langs die pad waar jy kan oornag of sommer net besienswaardighede kan besoek, terwyl jy ook 'n ander deel van ons mooi land leer ken.

Christiana lê op die wal van die Vaalrivier en is vernoem na die Voortrekkerleier, Andries Pretorius, se dogter. Die dorpie het sy ontstaan te danke aan die diamantdelwerye en is in 1870 amptelik gestig. Later het die nabyleë Vaalhartsbesproeiingsskema ontwikkel, wat ook 'n groot invloed op die landbou van die omgewing gehad het. Christiana het destyds drie algemene handelaars gehad waar kruideniersware gekoop kon word, maar ma-Ina het gewoonlik een- of twee keer 'n maand Kimberley toe gery. Dan het sy die nodigste klere – wat sy nie self kon maak nie – gekoop, goedkoper kruideniersware ingelaai en ons ou-bekende tandarts besoek (ons het destyds huis van Kimberley af Christiana toe verhuis). Later jare het dit natuurlik verander soos wat die dorp ook ons dorp geword het en ons liewer ons plaaslike mense ondersteun het, want hulle het ons vriende geword.

Ons eerste huis op Christiana, Forsmanstraat 50, was in die tweede straat van die rivier af. Met een jaar se vloed (ek dink iewers ná 1960) het ons eenoggend wakker geword en die rivier etlike treë van ons agterdeur af gesien! Gelukkig was dit die vloed se draaipunt en het dit van daardie dag af begin terugtrek, maar ons het nogal geskrik met die eerste aanskoue van die magtige Vaalrivier in ons erf!

Met 'n volgende vloed, toe ek al uit die huis uit was, het ons vir 'n naweek gaan kuier en na vriende se huis gaan kyk wat hulle moes ontruim. Die water was vensterhoogte. Deur die een venster sien ons 'n skinkbord met 'n teeketeltjie en 'n koppie en piercing daarop in die kamer ronddryf. 'n Hartseer prentjie. Vandag wonder ek oor die skade, maar toe het dit my nie so persoonlik geraak nie.

My pa het later jare 'n garage (of motorhawe) op die dorp besit. As jy nou van Bloemhof se kant af Christiana sou binne, was dit die héél eerste gebou op linkerkant, m.a.w. aan die begin van die dorp. Dis nou behalwe die hospitaal wat net so voor die dorp gebou is en so bietjie eenkant gestaan het. Mamma was aanvanklik 'n huisvrou wat twee laerskoldogters versorg het, en na ses maande op die nuwe dorp dogtertjie nommer drie moes verwelkom. En toe, 14 maande later, het pa sy langverwagte seun. Die boetie en sussie het na 'n jaar of wat soos 'n regte tweeling

grootgeword en saam baie kattekwaad aangevang. Eenkeer het hulle die klere van twee laaie van hulle kas in die leivoor, wat deur die erf geloop het, laat beland. Dae later is etlike kledingstukke, heel toevallig, aan die draad langs die voor laer af in die straat opgemerk. Toe die twee bietjie groter was het Mamma onderwys begin gee, eers by die ou Huishoudskool en later ook by die Hoërskool.

Daar was heelwat boere in die distrik, ook oorkant die rivier aan die Vrystaatkant, wat natuurlik besigheid vir my pa se garage beteken het. Maar baiekeer kon 'n boer nie sy skuld betaal nie en dan moes pa maar tevrede wees met beloftes van 'as die droogte net verby is'. Soms het die geld ingekom, maar soos almal weet, kan droogtes maar uitmergelend wees. Talle kere moes die skuld net afgeskryf word. Dit het op die ou end ook die einde van die besigheid beteken.



My pa was Willem Abraham Paulus Stephanus (Bill) FOURIE *5.2.1915 †22.5.1970. Sy familie het hom Willie genoem. En ma-Ina was Christina Elizabeth Fourie (nee ROSSOUW) *19.8.1921 †6.12.2014. Hulle is op 29.9.1944 getroud en die foto van hulle is een of ander tyd daarná geneem.

Nog 'n foto van Ma-Ina (links) omtrent 'n jaar of wat voor sy op die rype ouderdom van 93 jaar oorlede is. Saam met haar is die jongste sussie, vyf jaar jonger as sy, en tans die enigste oorlewende van daardie gesin. Tannie Pieta is 'n positiewe, vrolike mensie, amper 92 jaar, met hande wat gedurigdeur jeuk om in die aftree-oord se tuintjies te gaan bossies uittrek.

Voorwaar voorsate om op trots te wees!



2008

'Done! **Everyone** in the family tree has been found & **everything** is perfectly organised, including the photos!' said no genealogist, ever.

2008




Die verhaal van die Diyatalawa kissie

Cathy Potgieter



Ek stap saam met my oorlede skoonpa, Hercules Jacobus ELOFF (bynaam Harry) *5.4.1923, †9.8.1999, in sy destydse motorhuis rond... jare gelede, jonk getroud en baie nuuskierig oor al die 'ou' goed wat op sy rakke rondlê onder die stof.

Baie geduldig begin hy my vertel van sy grootwordjare, saam met sy ma en suster. Hul pa is vroeg oorlede toe hy slegs 11 jaar oud was.



STERFKENNIS
VOLGENS DIE VOORSKRIFTE VERVAT IN DIE BOEDELWET, 1913.

1. Naam van die oorledene HESTER JACOBA ELOFF
(gebore van der Linde)

2. Geboorteplek en Nasionaliteit van oorledene ROUXVILLE, S.A.

Sy ma was Hester Jacoba Eloff (gebore VAN DER LINDE), van die Rouxville distrik, en sy suster Magrietha Johanna NAUDÉ (gebore Eloff).

Hercules Jacobus Eloff het drie kinders gehad, en Magrietha Johanna Naudé (gebore Eloff) slegs een kind.

Op die rakke wys hy vir my 'n lampie waarmee hy saans studeer het (foto regs) asook ander artefakte uit sy kinderjare, waarvan een in besonder my baie interesseer... en dit is 'n houtkissie wat op die rak lê, in die spreekwoordelike "boude en blaaie". Vyf of ses los stukkies.

Ek was so vasgevang deur die pragtige houtpanele met die mooi graveerwerk dat ek nie mooi geluister het na die storie wat hy my vertel het oor waar dit eintlik vandaan kom nie. En hartseer soos dit is, is hy nie meer daar om te vra nie.



Die hout waarvan die deksel gemaak is, is besonder swaar, vermoedelik swarthout of ysterhout. In die middel, bo-op die deksel is 'n pragtige koper handvatsel.

Onmiddellik vra ek wat hy daarmee gaan doen en hy antwoord my, niks nie. Dit is so oud en lê maar net daar, want hy het ook nog nooit aandag daaraan gegee of dit reggemaak nie. Ek vra of ek dit dalk mag kry om te restoureer sodat dit behoue kan bly. Hy sê toe ja, en ek is baie opgewonde.

Toe kom die kinders, en die lewe neem oor. Ongelukkig, vir 'n paar jaar het die kissie ook hier by ons net gelê, en selfs 'n paar trekke deurstaan, maar wonder bo wonder het al die stukkies behoue gebly.

Sowat agtien maande gelede, verras my man, Hendrik Jacobus (Pottie) POTGIETER, my met die kissie wat hy vir my gerestoureer het tot sy volle glorie! Wat 'n pragstuk...



En toe byt die gogga behoorlik! Aan wie het die kissie nou eintlik behoort?



Tydens my navorsing kom ek op die sterftekennis van Hester Jacoba Eloff af, en dit tref my dat "van der Linde" – haar nooiensvan – een en dieselfde is as die van op die kissie, alhoewel 'van der Lende' gespel.

Ek let op die voorletters op die kissie. Daar staan 'van JHG van der Linde aan sy vrou MJ van der Linde', en dit is toe dat ek op die volgende huweliksbevestiging afkom:

1880 Huwelijks-bevestiging te Rouxville district van Rouxville in den Oranjevrijstaat.								
NR.	DATUM.	VOLLE NAAM EN TOEKNAAM.	OUDER-DOSE.	STAAT.	AMER. OF EUROPE.	WONING VAN TIJDSE DES HUWELIKS.	HUWELIJKS GEBODEN OF LICENTIE.	TOESTEMMING.
180	Feby 9.	Jan Hendrik Gerhardus 27 jongeman Keborn. Van der Linde.				District Rouxville	Ira Amwelt gadta	P. van der Linde (Vader)
		Margaretha Johanna 22 jongedame Slabbert.				District Rouxville	—	John Slabbert (Vader)

Dit huwelijk door ons aangegaan:

Jan H. G. Van der Linde
Sign & seal
John Slabbert

In ons tegemoetkoming
W. Watson
As getuigen { D. S. Read

Bevestigd door mij in het Kerkgebouw van de Nederduitsch Gereformeerde Gemeente te Rouxville dozen 9th dag van Feby 1880.

C. S. Graven J.D. m

GEDRUKT BIJ WHITE, BARLOW EN CO, BLOEMFONTEIN—No. 11.

Hulle is getroud op 9 Feb 1880 in die distrik Rouxville, op die ouderdomme van onderskeidelik 27 en 22. Margaretha Johanna van der Linde was 'n nooi SLABBERT. Dus was die kissie dié van Hercules Jacobus Eloff se oupa aan moederskant, Jan Hendrik Gerhardus van der Linde, wat in 1902 in die Diyatalawa kamp te Ceylon was. Of hy daar oorlede is, of weer huistoe gekom het moet ek nog navors. Ten minste kan die kissie wat so lank rondgeswerf het uiteindelik behoue bly vir die nageslag. Binne-in die kissie sit ek al die stawende dokumente.

Descendants of Hercules (Herculaas) Jacobus ELOFF

Page 1

a1-Hercules (Herculaas) Jacobus ELOFF d. 24 Mar 1934

+Hester Jacoba VAN DER LINDE d. 15 Apr 1964, par. Jan Hendrik Gerhardus VAN DER LINDE and Margaretha Johanna SLABBERT

a1b1-Magrieta (Margaretha) Johanna ELOFF b. Cir 1920, Bultfontein, d. 1 Oct 1964, Vereeniging Hospital

+Willem Nicolaas NAUDE b. 7 Feb 1921, Die plaas Koedoesfontein, distrik Groot Marico, m. 23 Dec 1944, Vereeniging, d. 23 Mar 1991, Fochville, Bur. Nuwe Begraafplaas, Fochville, graf no. 960

a1b1c1-Hester Herculina NAUDE b. 17 Sep 1946

+Frederik Christoffel VAN DER MERWE b. 14 Nov 1944, m. 30 Mar 1968

a1b2-Hercules Jacobus ELOFF b. 5 Apr 1923, d. 9 Aug 1999, (76Jr:4Mde:3d), Bur. 12 Aug 1999, (12h00) NG Kerk, Unitaspark, Vereeniging

+Martha Wilhelmina LOURENS b. 25 Apr 1928, m. 8 Apr 1950, d. 14 May 2014, (86Jr:0Mde:7d) Hospitaal, George

a1b2c1-Susanna Lacea ELOFF b. 8 Sep 1951

+Bertus HOFFMANN b. 9 Jul 1948, m. 15 Jan 1972

+Robert Frank DRUMMOND b. 18 Nov 1952

a1b2c2-Hercules Jacobus ELOFF b. 16 Apr 1953, Vereeniging (Transvaal), Gauteng, d. 13 Jan 2006, Vereeniging (Transvaal), Gauteng, Bur. 2006, Jacobskop Begraafplaas - Register Vereeniging, District Vereeniging, Gauteng, RSA [Begraafplaas transkripsies]

+Elsie Cathrine VANDER MERWE b. 25 Feb 1958, Salisbury, Southern Rhodesia, c. 1974, m. 4 Nov 1978, Vereeniging (Transvaal), Gauteng, par. Cornelius Johannes VAN DER MERWE and Helen Johanna HEATH


a1b2c3-Hester Jacoba ELOFF b. 29 Mar 1957

+Jacob Hendrik BADENHORST b. 11 Apr 1948, par. Jacob Johannes BADENHORST and Hester Maria OEOFSE

Om mee af te sluit, net nog 'n stukkie geskiedenis volgens die bronne:

<https://libcom.org/library/pow-camps-ceylon-during-boer-war>, en

<http://www.wmbr.org.za/view.asp?pg=research&pgsub=prison&pgsub1=2&head1=Prisoners%20of%20War>:



Boer prisoners consisting of burghers captured while under arms from the Second Anglo-Boer War (1899-1902), first arrived in Ceylon on 1900 August 9th and subsequently others followed until 5,089 prisoners had landed with the last on 1901 June 1st.

Diyatalawa was the main camp. Mount Lavinia was the convalescent camp opened on 1900 December 17th.

Dissidents and irreconcilables who would not sign the oath of allegiance to the British Crown were housed at Ragama Camp which got its first inmates on 1901 January 8th. Camps for prisoners on parole were also opened at Urugasmanhandiya on 1901 September 11th and also in Hambantota on 1901 September 19th. The Diyatalawa Camp was ringed by the deep trench and barbed wire entanglements, and came to be called Boer Town. It was divided into two laagers or settlements. The one nearer to the railway station was dubbed by the prisoners themselves Kruger's Dorp, and was occupied mainly by Transvaalers. The Burghers from the Orange River Colony occupied the other, which they christened Steyn's Ville.




A display of handcraft made in a Boer prisoner-of-war camp at St Helena - War Museum of the Boer Republics.

The Searchlight

When the searchlight from the gunboat
Throws its rays upon my tent
Then I think of home and comrades
And the happy days I spent
In the country where I come from
And where all I love are yet.
Then I think of things and places
And of scenes I'll ne'er forget
Then a face comes up before me
Which will haunt me to the last
And I think of things that have been
And happiness that's past
And only then I realize
How much my freedom meant
When the searchlight from the gunboat
Cast its rays upon my tent.

The young Joubert Reitz gave expression to the feeling of grief and longing of the approximate 26000 Boers who were sent to camps, forts and goals in Natal, the Cape coast, St. Helena, Bermuda, Ceylon (Sri Lanka) and India as prisoners of war in this moving poem



Children inherit their intelligence from their mother not their father, say scientists

Genes for cleverness are carried on the X chromosome and may be deactivated if they come from the father. **A mother's genetics determines how clever her children are, according to researchers, and the father makes no difference.**

Women are more likely to transmit intelligence genes to their children because they are carried on the X chromosome and women have two of these, while men only have one.

But in addition to this, scientists now believe genes for advanced cognitive functions which are inherited from the father may be automatically deactivated.

A category of genes known as “conditioned genes” are thought to work only if they come from the mother in some cases and the father in other cases. **Intelligence is believed to be among the conditioned genes that have to come from the mother.**

Extract from <https://www.independent.co.uk/news/science/children-intelligence-iq-mother-inherit-inheritance-genetics-genes-a7345596.html>





Formidabele Vroue

Unsung Heroines – all those women who lived before us. They deserve to be remembered.

Verwerkte praatjie gelewer deur Erna Buber-de Villiers, Vaaldriehoektaak,
by die GGSA se gesamentlike simposium op 2017.08.12 in Lyttelton.

Toek ek 'n paar jaar terug ernstig in genealogie begin belangstel, was my navorsingsdoelstelling om elke voorsaat op te spoor wat ooit in Suid-Afrika voet aan wal gesit het. Ek het my **patriargale** Schutte-lyn gehad, en met hulp van familielede en vriende en tegnologie het dit my nie **te** vreeslik lank geneem om my pa se **matriargale** lyn kant en klaar te hê nie:

1. Grietje GERRITS
2. Maria VISSER *1649
3. Dina OLIVIER *1675
4. AnnaMaria BRITS *1699
5. Susanna GERRITS *1720
6. Maria Magdalena MOSTERT *1742
7. Maria Magdalena DE GOEDE *1778
8. Maria Magdalena LA COCK *1808
9. Johanna Barbara Frederika LEIBRANDT *1840
10. Wilhelmina Magdalena VAN GRAAN *1867
11. Johanna Barbara Frederika BUITENDAG *1891



My Ouma Joey is die elfde geslag. Maar is my navorsing korrek? **Is** Grietje Gerrits my pa se matriargale stammoeder? Dit word uitgevind met 'n mitochondriale DNA toets. Grietje Gerrits se mtDNA is bekend. Ma-na-dogter DNA word onveranderd ma-na-dogter oorgedra, maar 'n ma se seuns dra dit nie oor nie. Ek het dus self nie van hierdie mtDNA nie. Gelukkig het Ouma Joey 'n dogter gehad, en sy het 'n dogter gehad, en dié weer 'n dogter:

12. Wilhelmina Magdalena SCHUTTE, my pa se suster, Ta' Mynie
13. Johanna Barbara Frederika BOTHA, my niggie Rika
14. Willemien SMIT. Die laaste lid van hierdie spesifieke matriargale lyn.

My niggie se dogter Willemien het ingewillig om te toets. Net betyds. Sy is hierdie jaar, einde Julie 2018, na 'n lang kankergeveg oorlede. My navorsing is korrek bewys. Dankie, Willemientjie!



1. Margaretha Geertjen/Grietje GERRITS

Grietje Gerrits, mtDNA T2b3-C151T, het haar man, Jan Coenraad VISSER, Kaap toe gevolg. Dit was met spesiale vergunning van die Kompagnie, want Jan het op 'n skip probeer wegkruip terug Nederland toe. Hy was **diep** ongelukkig en **diep** in die skuld.

Sy en drie kinders het in 1662 aangekom. Sy was om en by 32 jaar oud. Dit het sommer dadelik beter gegaan. Binne tien jaar na Grietje se aankoms het die egaal drie plase besit. Grietje se bystand was duidelik van groot waarde.

Laat een middag, toe Grietje so 62 jaar oud was, het sy gaan kyk **waar** die vuurhout bly wat haar slaaf, Claes van Malabar, al **lankal** moes gekap het. Hy het probeer verduidelik dat hy na weggedwaalde beeste gaan soek het, maar Grietje was sommer dadelik woedend. Sy het hom uitgeskel van 'n kant af. Toe verloor die slaaf **ook** sy humeur, en noem haar 'n ou hond. Grietje gryp 'n stuk stomp om hom mee te slaan, maar hy kap haar met sy byl. Moeder ... was dood.



2. Maria Jansz VISSER

Grietje se oudste dogter Maria is in Nederland gebore. Sy het op 15 met Wilhelm WILHELMSE getrou. Hy was 'n vryburger en mede-eienaar van 'n plaas. Binne ses jaar was daar vier kinders.

Toe Maria 23 was, het Willem sy Khoi-khoi bediende geskiet en noodlottig gewond. Hy het gevlug, en op 'n Deense skip weggekruip Nederland toe. Arme Maria, alleen met vier kinders. Maar Willem se kneg, Ockert OLIVIER, het getroos. Hul seuntjie is die volgende jaar gebore.


Intussen is Willem in Nederland begenadig en is terug Kaap-toe, vyftien maande na hy weg is. Die Kaapse autoriteit het hom egter eers op Robbeneiland aangehou. Hulle wou verder op die saak ingaan. Twee jaar later is hy vergun om die eiland te verlaat.

Maria en die Olivier-kneg se tweede kind, **Dina OLIVIER**, was twee maande oud toe Willem die dag by die huis kom. Die herrie was los. Maria moes voor die Kaapse Justisie verskyn, aangekla van egbreuk. Maria en Willem het mekaar daar voor almal te lyf gegaan. Die Raad het hulle Batavia toe gestuur. Die lang skeepsreis het seker gehelp met 'n versoening tussen die twee. Die kneg se kinders is in die sorg van hul Oupa Visser geplaas.

Maria en Willem was binne 'n jaar terug, net betyds vir die geboorte van hul vyfde kind saam, Maria se sewende. Twee maande later was hulle **alweer** op 'n skip, hierdie keer verban na Mauritius. Die Kaapse Raad het agtergekom dat Willem se teenwoordigheid verhoudings met die Khoi-Khoi versuur. Hy het mos een van hulle sommer doodgeskiet.

Hul sesde kind is op Mauritius gebore. Willem was liewer vir sy roer as boer, en het 'n jagter geword. Dit was nie juis 'n winsgewende professie op Mauritius nie, en hy het Maria op 37 'n arm weduwee agtergelaat, met hul vyf kinders. Vier jaar later kry sy toestemming om terug te keer Caeb-toe, waar sy weer getrou het en nog twee kinders gehad het, die laaste een toe sy 46 jaar oud was.

Sy is op 69 oorlede, 'n onlangse weduwee. Ek dink graag dat die amper 30 jaar saam met haar Lambert Simonz STAM gelukkig was. Met haar dood het sy 'n huisie in Kaapstad besit.



Gedurende haar lewe het Maria heelwat meer van die wêrelde as baie van ons gesien. Nederland, die Caeb, Batavia in die Verre Ooste en Mauritius... en natuurlik **besonder** baie see tussenin!



3. Dina Ockers OLIVIER

Dina was 'n babatjie van net oor 'n jaar oud toe sy en haar boetie in haar grootouers se sorg geplaas is. Haar Ouma Grietje het self nog jong kinders in die huis gehad.

Dina het in Drakenstein met Hans Jacob BRITS getrou. Hulle het eers in daardie omgewing gewoon, 10 kinders gehad, en was arm, maar het eventueel 'n plasie, *Koornhoop*, in Kaapstad aan die Liesbeekrivier, bekom.



4. Anna Maria BRITS

Sy is in 1699 in Drakenstein, Paarl gedoop.

Die gesin het toe Anna Maria so nege jaar oud was op *Koornhoop* gaan bly. Regoor kant hul plasie was daar 'n buurplaas ander kant die Liesbeekrivier wat aan die vermoënde Gerrit GERRITS en sy hou-vrou, oudslavin Susanna van Mombasa behoort het.

Hul oudste seun Hermanus het met Anna Maria getrou nadat hul derde kind gebore is. Toe het hy sy eie plaas, *Raapenberg*, besit. Hy is op 29 oorlede. Sy was 'n 31-jarige weduwee met **ses** kinders tussen die ouderdomme van 13 jaar en drie maande, **en** 'n erfplaas om na om te sien. Haar broer, wat ook met 'n Gerrits getroud was, het intussen skoonpa se aangrensende plaas oorgeneem, en het seker gehelp.

Drie jaar na haar man se dood trou sy met Claas JONASZ. Hy was slaaf gebore, 'n sogenaamde 'volswarte'. Hulle het twee seuns gehad. Sy is op 73 oorlede, 'n vermoënde vrou wat erfposies aan kinders en kleinkinders kon nalaat.



5. Susanna GERRITS

Sy was haar bloedjong ouers se tweede dogtertjie (hulle was toe nog tieners!). Sy is gedoop in 1720, en vernoem na haar oud-slavin oma, Susanna van Mombasa.

Sy was 14 jaar oud toe haar ma met haar 'volswarte' stiefpa trou. Dit was seker nie vir haar vreemd nie, daar haar eie pa 'halfswart' was, en haar oma volswart. Jammer dat 'n mens se **Autosomale DNA** oor die geslagte heen so 'verdun' – anders kon ek vir 'n BEE-pos aansoek doen.

Susanna het op 20 met Johannes MOSTERT getrou. Hul eersteling, Maria Magdalena, is net-net ege maande later gebore. Binne drie jaar was daar nog twee seuntjies. Vyf jaar na die derde kind se geboorte, is Johannes 'n tweede keer getroud. Susanna is dus oorlede voordat sy dertig jaar oud was.

Haar ma het haar met 25 jaar oorleef. Susanna se drie kinders is in hul oma Anna Maria se boedel ingerekend.

Die volgende drie geslagte is almal Maria Magdalenas:



6. Maria Magdalena MOSTERT

Sy is die eerste van die reeks van my drie Maria Magdalena-grootjies namekaar, haar ouers se eerste kind en enigste dogter. Sy het self 13 kinders gehad, en op 48, toe haar jongste agt was, gesterf. Haar man was Johannes Christiaan DE GOEDE. Deur hom is my bloed met nog 'n hele paar slawe s'n verryk.

7. Maria Magdalena DE GOEDE

Vier geslagte lank het my pa se matriargale voorsate nou al in die omgewing van Rondebosch gewoon en geboer. Hierdie tweede Maria Magdalena is daar gebore, maar het gesterf naby Hopefield wes van Langebaan aan die Weskus. Sy het groot veranderings in haar leeftyd ervaar. Toe die Britte in 1806 vir goed oorneem was sy pas 'n halfjaar met Meyndert LACOCK getroud. Hul het ses kinders gehad. Sy is in 1852 oorlede. Volgens haar sterftekennis was sy met haar dood 73 jaar oud, en al lank 'n weduwee. Sy was moontlik 'n selfstandige soort vrou, want sy het laat (vir daardie tyd) getrou, op 27, en (baie ongewoon vir daardie tyd) nie weer na haar man se dood getrou nie.

8. Maria Magdalena LA COCK

Die derde Maria Magdalena se kinders was Lutherane soos haar man, Coenraad Hendrik LEIBBRANDT. Hy was 'n *baie* onsuksesvolle besighedsman wat 'n drankwinkel in Hottentots Holland probeer bedryf het en jarelank met hofsake en bankrotskap moes reken.

Die illustrasies tot dusver gebruik het ek vanaf die Internet se 'public domain' geleen. Ek het gesoek na prentjies van 'peasants' uit die korrekte tydvak, om 'n idee te kry van hoe my voorsate se kleredrag moontlik gelyk het. Die foto's wat nou volg is outentiek.



9. Johanna Barbara Frederika LEIBBRANDT

Hierdie ouma van my ouma is op 1 Junie 1840 gebore en drie maande later in die Lutherse Kerk in Kaapstad gedoop. Dit was 'n té lang ent van Hottentots Holland af om met 'n nuwe baba te reis. Sy was die vierde van ses kinders. Ek het rede om te glo dat albei haar ouers oorlede is toe sy tussen ses en tien jaar oud was.

In 1864 het sy en Kootjie getrou: Jacobus Carolus VAN GRAAN. Hy was diepgelowig, en het al sy kinders leer lees en skryf.

Hulle het eers in die Caledon distrik geboer, en toe groener weivelde gaan soek. Hulle is goudvelde toe, en het daarna 'n plaas Kromloop naby Bultfontein in die Vrystaat bekom. Kootjie was dikwils vir drie maande op 'n slag van die huis

af weg as transportryer na die diamantvelde, en Ma moes alleen die plaas bedryf. Hulle het nege kinders grootgemaak en was 55 jaar getroud.

Ek het by my pa se niggie fotostate van 'n oulike DE BRUYN/VAN GRAAN gedenkboekie in die hande gekry wat 'n prentjie skilder van die huishouding. Hier's 'n uittreksel:

Saans voor ete word 'n balie water ingedra en vader en seuns was dan hulle gesig, hande en voete. Na ete word aandgodsdienst gehou en daarna moet die kinders hul lesse opsê, somme maak en skryf. Die groter seuns en dogters moet hul katkisasielesse leer. En baie vroeg in dieoggend, nog voor dagbreek, moet die hele gesin rondom die tafel vergader en dan word oggend-godsdienst gehou: gelees, gebid en gesing. Daarna gaan die kleuters weer bed toe, die groter kinders bly op en leer hul lesse, terwyl die groot seuns saam met hul vader uitgaan na die boerdery en die lande. Die groter dogters begin met hul dagtaak wat baie verpligtinge insluit. Heel eerste word 'n groot baksel brood gebak in 'n groot buite-bakoond, genoeg vir die gesin asook vir die werksvolk wat drie etes per dag kry, wat die dogters moes voorberei. Die groente en vrugte is self gekweek en in vrugtetyd is flesse en flesse appelkoos- en perskekofyt gekook en baie vrugte gedroog. Die reuse bondels wasgoed is op 'n baie primitiewe en ongerieflike manier gewas. 'n Groot seepot water word by die dam of spruit of rivier verhit en die wasgoed is op 'n groot wasklip met boerseep, wat eiehandig gekook is, gewas. Sommige van die wasgoed is in die son oopgegooi om te bleik en word dikwils natgespat. Nadat dit uitgespoel is, word dit oor bossies, bome, klippe en gras gehang om te droog. Dan word gesorteer wat gestywe moet word: al die bedvalle wat van linne gemaak is, al die kaslappies en hekellappies, sommige van die meisiemense se onderklere, voorskote, kappies, bloese en al die witborshemde van die mans word gestywe en gestryk. Die stryksters word in 'n groot platpot warm gemaak, waaronder warm kole gegooi of vuurgemaak word. Verder word al die klere self vervaardig, tot selfs die van die mans. Die tweede oudste dogter, *Wilhelmina – Mynie* genoem – was baie knap om manspakke te maak. Dan is verder groot hoeveelhede koffie gebrand en gemaal, die huis se mure afgewit, die vloere mis gesmeer en die koperhoepels om die verskillende vaatjies is blink opgevryf met fyn as. Dan is daar ook groot baksels boere-beskuit en soetkoekies gebak.

Wat die *Moeder* betref – nieteenstaande haar groot gesin – was sy baie gesteld op haar uiterlike. Elke middag het sy 'n groot skottel water na haar kamer geneem – want badkamers was daar destyds nog nie – en haar gewas en netjies geklee vir die middag.

10. Wilhelmina Magdalena *Mynie* VAN GRAAN



Ek het grootgeword met stories oor my pa se vreeslose ouma Mynie, wat haar kombuisware en breekgoed onder haar kombuis se misvloer begrawe het, die perdekar ingespan het en met haar sewe kinders op vlug geslaan het voor die Kakies haar kon vang.

Mynie is in 1867, distrik Caledon, gebore, die tweede kind en tweede oudste dogter. Sy was omtrent 15 toe haar ouers Vrystaat toe getrek het. Ses jaar later het sy met my oupa-grootjie, Frederik Willem Coenraad BUITENDAG, getrou. Sy was 21, hy was 27, en dit was 'n liefdes-huwelik. Haar ouers was ook baie lief vir hul skoonseun, en het hul laaste dogter na hom vernoem.

Binne vier jaar het hulle drie kinders gehad: Baantie, toe Johanna Barbara Fredrieka (my ouma) en kleinsus Heilie.

Toe die baba 'n jaar oud was, het Frikkie tragies verongeluk. Mynie skryf: "My dierbaar echtgenoot is overleden op 22 Mei 1894 in den ouderdom van 32 jaar 1 maand en 22 dagen op die plaas *Bosput* in het distrik Boshof en is begraven 24 Mei op die plaas *Kromloop*." Sy was 26 jaar oud, 'n weduwee met drie kleuters.

My neef Wicus het hierdie pragtige twaksakkie wat Mynie vir haar man gemaak het by **sy** ma gekry, en dis nou in sy dogter Nelia se besit.



Na 'n jaar is Mynie getroud met Salomon **JANSE VAN RENSBURG** – hy was 23, en sy 27.

'n Windmakerige kêreltjie, né?

Toe die Boere-Oorlog uitbreek, was daar **nog** drie kinders by. Salie is op kommando, en Mynie het die plaas bedryf. In 1901 het Kitchener sy 'verskroeide aarde' beleid toegepas. Mynie se jongste seuntjie was drie maande oud toe sy en haar sewe kinders op die vlug slaan. Hulle het geleef van kaboomielies en veldkos. Tien maande later is die Vrede van Vereeniging op 31 Mei 1902 gesluit, en die mense is na afgebrande plase huis toe om voor te begin. Die volgende jaar is klein Hettie gebore.

Mynie se volgende en negende kind het haar dood gekos. Sy het na dae se kraam besef dat die kind in utero dood is, en dat sy self sou sterf. Sy het vir haar eie begrafnis voorberei: die ouer dogters moes huis skoonmaak, en al die gordyne was en stywe. Die kleintjies moes gaan miskoeke optel vir brandgoed om koffie te kan maak (daar was geen hout op die plaas oor nadat die Kakies alles afgebrand het nie). Sy het nog eers 'n manspak klaargemaak wat op bestelling was, en toe het sy op 11 September 1905 gesterf. Sy was nog nie 38 jaar oud nie.



11. Johanna Barbara Frederika BUITENDAG

Toe my ouma se ma Mynie weer trou (met Salie Jansen van Rensburg) was sy 'n kleuter van twee-en-'n-half jaar, en amper 10 toe hulle veld-in gevlug het. 'n Maand en 'n half voor haar 14e verjaarsdag het sy die 'vrou-in-die-huis' geword. My pa se niggie het die storie so vertel:

'Uit die aard van hulle hartseer omstandighede, het die welsyn dit goedgedink om die agt kinders eers in 'n weeshuis te plaas. Hulle pa was 33, alleen, en 'n bywoner op sy halwe broer se plaas. Toe die kinders in Winburg aankom was die weeshuis **SO** vol dat hulle net die seuns kon neem. Die meisies moes van hulle boeties skei en wegry met die perdekar na die weeshuis op Brandfort.'

In die notas wat my pa opgestel het, het hy geskryf dat sy ma hoogstens std 3 'gemaak' het. Ek kon nooit verstaan hoekom my ouma nie die geleentheid gehad het om skool klaar te maak nie. Beide haar ouer broer **en** jonger suster het tersiäre opvoeding ontvang. **Iets** het vir my nie gerym nie, totdat 'n vriend twee dokumente op *Family Search* ontdek het wat lig op die saak werp. Hieronder volg my transkripsie van my ouma se Oupa Kootjie se brief aan die Hooggereghof:

Bultfontein

8 June 1907

The Master of the High Court

Sir!

I am obliged to bring the following to your notice: My daughter, Wilhelmina Magdalena van Graan, the widow of F.C. Buytendagh, who was later again married to Salomon Jansen van Rensburg, died a few years ago. Now her children are totally parentless. Two of them succeeded to get in the Orphanage Brandfort. Johanna the eldest daughter, 15 years old, is still with S. Jansen van Rensburg. I am afraid she is not properly cared for. Now she has an illegitimate child. She decidedly refuses to name the father. I have, for certain reasons, tried to get her away from S. v. Rensburg, but invain. I am her grandfather and grandparent. What must + can I do? I hope you shall answer me soon.

I am willing to give as much information as I can.

I shall be very thankful if you would take this matter in your hands.

S. v. Rensburg refuses to give her to me and she refuses to come.

Hoping to hear soon from you

I am

Dear Sir

Your obedient Servant

J. C. van Graan

Hartebeestlaagte

Bultfontein

Oupa Kootjie het ook 'n 'prokureur' gaan spreek. Hier volg **sy** brief (met al sy foute, soos Breitenbach in plaas van Buitendag):

Pieter J. Strydom,
(formerly Harry. T. Ham)
ADMITTED LAW AGENT,
Administrator of estates,
auctioneer, Etc.,
Bultfontein, O.R.C.

Tel Address: "SNELVUUR"
Bultfontein,

11th July 1907

The Master
High Court
Bloemfontein

Sir

I have the honour on behalf of Jacobus Carolus van Graan of Hartbeeslaagte district Hoopstad, who is the Father of the late Wilhelmina Magdalena (born van Graan) Jansen van Rensburg, former widow of the late Frederik Coenraad Breitenbach, to inform you that the said late Wilhelmina Magdalena Jansen van rensbug left three minor Children by her former marriage with the said F.C. Breitenbach.

These minor children are now under the Guardianship of the surviving spouse of the second marriage – S.G. Jansen van rensburg.

Some time ago one of the said minors, a girl little over 14 years of age, named Johanna Barbara Fredrika Breitenbach, were seduced and gave birth to a Child of which the Father cannot be found out, as the girl refuses to disclose the father; my Client however has grave suspicions that the Father of this child is the Guardian and Step-Father of this Girl, the aforesaid S.G.JansenVan Rensburg, and would like to know if this man cannot be discharged from his guardianship over the said Children, so that they can be taken away from him.

I have the honour to be
Sir
Your obedient Servant
P.J. Strydom


Wat dus **werklik** gebeur het, glo ek, is dat ‘Sussie’ by stiefpa Salie agtergebly het om na die vyf klein Jansen van Rensburgs om te sien toe haar eie Buitendag broer en suster weeshuis toe is. Sy moes op die laatste begin Oktober 1906 al swanger gewees het, nog voor sy 15 was. Nou weet ek hoekom my **baie** preutse ouma **my** ‘moes-trou’ op agtien, met ‘n man amper veertien jaar ouer as ek, so gelate aanvaar het.

Wat van daardie buite-egtelike baba geword het weet niemand nie. My ouma se geheim is baie goed bewaar. Niemand wat nog leef weet daarvan nie, en ek is **seker** my pa het ook nie. Hy skryf dat sy op **ongeveer** 16 gaan werk het as huishoudster by ‘n dokter op Brandfort, daarna by Fichardts, ‘n winkel in Bloemfontein. **Ek** dink nie dat sy **ooit** weeshuis toe is nie.

Joey, soos my ouma ook genoem is, het Willem Adriaan Goosen SCHUTTE in Bloemfontein ontmoet. Hy was toe ‘n spoorwegkonstabel, en was in diens van die Spoorweë totdat hy afgetree het. Hulle is in 1916 getroud. Ouma was 25. Hul aftreehuis in Pretoria was Ouma se veertiende in 34 jaar!

Na hul huwelik in Bloemfontein het hulle gewoon in

1. Oostelike Provinse - Colesberg?
2. Natal - Durban?
3. In **Bloemfontein** is my Ta’ Mynie in 1917 gebore
4. Springfontein
5. **Wepener**, waar my Pa, Jan Harm, in 1919 gebore is
6. Hulle woon in **Tweespruit** in 1925 toe my Oom Frikkie gebore is
7. Middelburg, Transvaal
8. Piet Retief
9. Weer **Middelburg**, Transvaal, waar my Pa in 1936 gematrikuleer het
10. Waterval Boven
11. Pretoria
12. Bloemfontein
13. Johannesburg
14. En toe, uiteindelik, in Pretoria, waar hul in Flowerstraat, Capitol Park, afgetree het.



Ek dink my ouma moes **trek** tot ‘n fyn kuns ontwikkel het. Ek was so vyf of ses jaar oud toe sy huis opgegee het om in ‘n klein kamertjie in ‘n ouetehuis te gaan woon. My konsternasie was groot toe ek die gat in haar agterplaas sien waar sy al haar huisraad begrawe het! Sy was vir seker nie aan aardse goed verknog nie... nie soos ek nie. Sy het vir my twee fyn blou ‘cutglass’ flessies en ‘n vriendelike vet bruin erdeware teepot gegee wat ek soos skatte bewaar het, maar wat tog gebreek het. Ek was baie hartseer met elke verlies van my erfstukke!

Na net drie jaar uiteindelik in haar eie huis, is haar man oorlede. Hy was 63. Haar oudste seun is agt jaar later ook aan ‘n hartaanval dood, op 42, en toe haar jongste seun, op 48. Ek, my sus, albei my dogters *en* my kleindogters het die familiale hoë cholesterol geêrf.

Ouma het ‘n hele paar miskrame gehad en het net drie kinders grootgemaak. Haar oudste kind, my Tannie Mynie, is na Ouma se ma vernoem. Ta’ Mynie se dogter was Rika, van Frederika, soos my ouma. My nig Rika se dogter is Willemien, soos my ouma-grootjie Wilhelmina.

Ouma Joey, *6.12.1891 ≈29.12.1891 NG Kerk, gemeente Boshoff, Vrystaat †9.7.1980 Rusoord ouetehuis, Warmbad, was amper 88 jaar oud toe sy oorlede is.

En dis my storie.




Documented Journey of Thomas Wilcox

Germaine Smith

For now, for this year's Storiewa story, I have switched sides. WILCOX is one of the surnames on my paternal side, my dad's mom's surname to be more precise. The intrigue here is that her father was a confectioner (now I understand my sweet tooth) and came out from the UK on 22 September 1900. Thomas Wilcox was known to my dad as *Pop*.

That name alone paints a picture of a friendly, 'sweet' old man who was gentle and kind. But alas, other than my dad's fond memory of going to King Williams Town and being allowed to fill a brown paper bag with sweets in Pop's sweet factory, nothing more is really known about Tom Wilcox. To gather information, I returned to England and this way I will try and put together his life story.

Thomas Wilcox was born in Birmingham England on the 10th February 1864 and baptised at the Parish Church of Saints Peter and Paul, near Birmingham, in the county of Warwick on the 21st April 1875, along with two siblings, Amelia born 9th December 1865 and Harriett, born 7th January 1872. You can just imagine all these children running up to the baptismal font waiting their turn.



A search for the church leads me to this magnificent-looking building. As you can see, its shape has changed over the years, but that, too, tells a story of history and how it had to evolve and move forward.

^[1] A bit of the history of this wonderful looking church reveals that there is little of the original 14th-century stonework remaining. The steeple dates from the 15th century and was partially rebuilt 1776–77 by John Cheshire. The rest of the building dates from a design (1879–90) by J. A. Chatwin.



The churchyard contains 30 war graves of service personnel: 26 soldiers, a Marine and airman of World War I, and two airmen of World War II.

In 1871 Thomas is noted on a census, aged 7, living with his mom and dad and siblings. John, his dad, was a medical botanist and Hannah, their mother, was a milliner (this is someone who designs and makes hats and head-wear). William, his older brother, aged 20, was a pearl button-maker and sister Mary Jane, 18, was a dressmaker. With all this information listed on one census form we really start to get a better idea of these people. The census lists two more sisters, Emily 9 and Amelia 5 and one baby brother, Charles.



146 Phillips Street Aston,
Birmingham, today.

At that time the family were living at 146 Phillips Street, Aston.

A Google street-view search of this address does not lead me to a residential house, but a broader search gives me some idea of what the houses might have looked like at the time.



Example of a house in Phillips Street
Birmingham, late 1800s



In 1883, at the age of 21, Thomas marries Elizabeth CARTWRIGHT, a 20-year-old spinster of Aston, in the St. Andrew's church in Bordesley, Warwick, England. Their marriage certificate records that she is the daughter of Thomas Cartwright, a blacksmith, and that our Thomas Wilcox's profession is that of a confectioner.

[2] *St Andrew's Church*

The foundation stone was laid on 23 July 1844 by Henry Pepys, the Bishop of Worcester. The church was built to designs of the architect Richard Cromwell Carpenter with funds from the Birmingham Church Building Society. St Andrew's Church was an early design of R C Carpenter, one of the chief proponents of the Gothic Revival. Its decorated gothic style and layout was admired by contemporary ecclesiologists for the correctness of its plan. It was the last church constructed by the Birmingham Church Building Society. Consecrated in 1846 it did not survive inner-city redevelopment and was demolished by 1985. Its name is now preserved in that of its giant neighbour, Birmingham City football ground.

A census of 1891 reveals Thomas, age 27, living in Somerset Bristol with his wife Elizabeth and three children, Ada 7, Thomas 5 and Amelia 3. His profession is recorded as journeyman confectioner. [3] *In former times, a journeyman was a worker who had finished learning a trade and who was employed by someone rather than working on his or her own.* For me, his profession conjures up images of joy and happiness and I think that he was a jolly man. Someone creating sweet treats surely had to be sweet!



[5] *SS Scot*

The Union-Castle Line was a British shipping line that operated a fleet of passenger liners and cargo ships between Europe and Africa from 1900 to 1977. The SS Scot was part of this fleet.

The next document I find recording Thomas Wilcox's name is a passenger list of persons leaving the UK in 1900. The ship departs from a port in Southampton bound for East London, South Africa. The record reveals that he will be at sea for 45 days along with 50 other adult passengers. The ship's name is 'Scot' and her Captain is TJ Brumner.

But what struck me as strange is that Thomas leaves alone, only 9 years after the 1891 census. What happened?



[4] **Commodore TJ Brumner**

Captained 16 different vessels from 1893–1922. He Captained the SS Scot from 4/1900–10/1903. He died in Oct. 1930 at the age of 72.



My dad owns a very special suitcase. He's had it since he was young man. It was given to him by his mom. It has been a store for his keepsakes since his young days. I've always admired it and have wondered about it. Even empty, it's a very heavy leather case and I wonder how anyone carried it when packed full!

Most of the contents are intact and all the bottles are topped with hallmarked silver lids.

I checked the Internet for the hallmarks on the silver lids. They date from the late 1800s. That fits right into the time-frame of Thomas Wilcox's life travels... and when I looked closely, I saw the letters TW written in pen on the inside of the lid.

This is my great-grandfather's suitcase! I can just picture a young Thomas embarking on his new life with this case.




The next snippet of information I find is another marriage certificate, from the East London parish of St John the Evangelist. It states that Thomas Wilcox, widower from King Williams Town, married Mary Isabella WILSON, a 27-year-old spinster from East London on the 9th December 1902. I have to assume that Thomas has now settled in South Africa and is now living in the Eastern Cape.

The marriage certificate answers one of my questions: it states that Thomas is a widower, so Elizabeth Cartwright, his first wife, must have died, but now my question is '**What happened to the children?**'

Before I move on, I asked a British FB group for help in finding out more about the children from his first marriage and learnt from a 1901 census that Amelia (12) was put in a children's home and Violet (8), whom I only knew of from Thomas' death notice, was living with her aunt Emily, Tom's sister. The aunt's surname is Hartland, so I think that Aunt Emily might have adopted Violet, as that is the surname given for her on her father's death notice. Violet was born in 1893, two years after the 1891 census, hence her not being listed. Ada and Thomas would have been old enough by 1901 to look after themselves. I also learn that Elizabeth, their mother and Thomas' first wife, also remarried in 1903, she had not died as I had initially thought, calling herself a widow on her marriage certificate. Both remarried, having declared their life partners dead!


Thomas and Mary settle in down at their home in Alexandra Road, King Williams Town. They have two children. John Alexander Wilcox was born 6th February 1904 and baptised on 5th March 1904 in the Holy Trinity Parish, King Williams Town.



^[6] *Holy Trinity Church, King Williams Town. The foundation stone was laid in 1850 by Colonel G MacKinnon, officially opened in 1856 by Bishop John Armstrong and consecrated by Bishop Henry Cotterill in 1861*


Thomas' last child was Emily Louise Alice Wilcox, my grandmother, born on the 14th June 1908 and baptised in the same church on 4th July 1908.

My Google search of this parish leads to a wonderful discovery. Not only did I find a picture of the old stone church but a photo of its baptismal font! Tracing the history of one's ancestors by the documents we find is truly an amazing feeling.



^[6] *Baptismal Font of the Holy Trinity Church*

Thomas Wilcox started a business in King Williams Town called T. Wilcox and Company, a sweet factory and confectionery.



Some years back, Joanne Stolk, a member of the 1820 Settlers South Africa Facebook group, posted the two photos of my great-grandfather's business shown here. I have very little information about the factory and its products at this stage and will be investigating a bit more as my research progresses.

Thomas's name pops up again on his second wife's death notice. Mary Isabella Wilcox née Wilson dies on the 29th December 1940 of vascular heart disease in Gray Hospital, King Williams Town.



The Unione Castel Line MV Warwick Castle

A passenger ship/troop transport built by Harland & Wolff, launched 29 April 1930, completed 16 January 1931, maiden voyage 30 January 1931, 1942 sold to Admiralty and rebuilt as an aircraft carrier 1946 re-purchased by Union-Castle, renamed Warwick Castle on 14 November 1942. In 1962 she was scrapped torpedoed and sunk by U-413 in mid-Atlantic

Another document, a British Incoming Passenger list from 1947, has Thomas' name. He travels back to Birmingham, UK, at the age of 83. From transcribed information obtained from the National Archives, London, England, I see the Port of Departure was East London, South Africa. The ship arrived on 26 Apr 1947 at the port of Southampton, England. The ship's name this time is the Warwick Castle, another in the fleet of the Union-Castle Mail Steamship Company Ltd.

Why did he travel to England at the age of 83?

Perhaps one of his younger siblings or one of the children from his previous marriage might have been ill? Or he wanted to see 'the old country' one last time? Or did he have business to settle? I will have to dig a bit deeper to discover the answer.

Thomas Wilcox returned to South Africa. His death notice, the document that started all my research, states that he died on the 30th April 1950 at his residence in King Williams Town. I learn from his estate that his son Thomas Frederick Wilcox and daughters Violet HARTLAND née Wilcox, a grandson Errol Hartland and Ada BOTTERIDGE née Wilcox, ***children from his previous marriage***, are listed as heirs to his estate along with his two South African born children, John Alexandra Wilcox and Emily Louise Alice SMITH née Wilcox. The T. Wilcox and Co sweet factory is left entirely to John Alexandra Wilcox.

Thomas Frederick Wilcox, Thomas' British son, settled in South Africa at some point, as I discover all his children's baptismal entries in East London. His sister, Emily, also settled here, as I find her estate and grave in King Williams Town.

Thomas Wilcox in his Freemason regalia, a whole other story...




In essence, with just a few documents, I have been able to piece together a picture of the life of a man that was born in Birmingham, England, in 1864 and died in King Williams Town South Africa in 1950. Isn't that amazing?

Footnotes for Documented journey of Thomas Wilcox

1. *The Parish Church of St Peter and St Paul (grid reference SP082899) in Witton Lane, Aston, Birmingham, England, is a parish church in the Church of England.*
From Wikipedia, the free encyclopedia.
2. *St Andrew's Church, Bordesley from Wikipedia, the free encyclopedia*
3. *Google Definition*
4. *Image compliments of The British & Commonwealth Shipping Company Limited, The Ships and Their People Website.*
5. *A Google search of "SS Scot" – Google Image Search.*
6. *Artefacts website listing Holy Trinity Anglican Church King William's Town, Eastern Cape*
https://www.artefacts.co.za/main/Buildings/bldg_images.php?bldgid=4417#23978
7. *(image) MV Warwick Castle postcard image* <http://www.simplonpc.co.uk/UnionCastle4.html>
(facts) MV Warwick Castle, Union-Castle Line From Wikipedia, the free encyclopediahttps://en.wikipedia.org/wiki/Union-Castle_Line

2008





'n Roer vir 'n Boer... én 'n Brit

Gys Ströh

Hier volg 'n verhaal oor 'n besonderse vuurwapen wat gedurende die Boereoorlog deur Boer én Brit gebruik is. Hierdie een is baie spesiaal, want alhoewel die norm vir handwapens .450 duim was, is dié een .476 duim, en hy lyk kompleet soos 'n 'Cowboys en Crooks'-wapen.



So in middel 1980s gaan kuier ek en my gesin by vriende op 'n kleinhoewe buite Vanderbijlpark. Gedurende die gekuier en gebraai draai die gesprek om vuurwapens. Johnny, my vriend, skiet die rotte op die plot met 'n windbuks. Dis nie altyd so geslaagd nie, want van die rotte is so groot soos katte. Die ou grotes, ná hul getref is, stap doodluiters met loodpil en al huistoe, so asof dit kaas sou wees vir die kleintjies.



Daar kom dit toe uit dat die maat se ouma 'n rewolwer het wat in 'n trommel lê... 'n trommel wat sy oupa in die oorlog gebruik het. Soos dit toe nou moet wees, raak ek baie nuuskierig om die rewolwer te siene te kry.

Ouma word op die landlyn geskakel (selfone was toe nog nie beskikbaar nie). Wat hoor ons van ouma se kant af? 'Johnny!!! Die ding is 'n geheim!!! Dit is nie gelisensiéer nie!!!' Ek reël dat ek met ouma sal vergader om die probleem te bespreek, en so geskied dit toe. Wat 'n heerlike verrassing toe die ou wapen uit sy wegsteekplek te voorskyn kom! Hy is rôrig oud, en in 'n uitstekende toestand. Ouma is baie senuweeagtig oor die aangeleentheid, maar ek stel haar gerus met die (hoopvolle) woorde dat ek dalk die probleem sal kan oorkom... indien sy die vuurwapen aan my skenk of aan my sou bemaak.



So kom ek en Oumatjie tot 'n vergelyk, en siedaar! Ouma gaan sit en skryf 'n briefie wat sê dat die ou vuurwapen tussen oupa se goeters was en sy nie geweet het dat dit 'n lisensie moes hê nie, siende dat dit al so baie oud is. Ook, sê Oumatjie toe in die brief, sy wil graag die vuurwapen aan die uwe gee, en dat die uwe dan die nodige lisensie sal bekom om die affère nou wetlik geldig te laat word. Pragtig uiteengesit met al die name en vanne en ID afskrifte en die rewolver se naam en reeksnommer netjies neergeskryf.



Baie bekommert, maar wel baie braaf, daag ek by die polisiestasie op. By navrae vra ek, baie selfversekerd, 'Met wie ek kan gaan praat oor vuurwapens en lisensies?' Die konstabel wys my in die gang af na die kantoor waar ek nou moet gaan bely oor die sondes van die voorvaders. Daar kom ek voor die deur en ek wonder... maar ja, ek is nou hier en nou moet dit kláár.

'Middag Kaptein,' sê ek mooi nederig en vriendelik. 'Middag', kom dit terug. 'Jammer ek steur, maar ek het hulp nodig en ek glo Kaptein is die enigste persoon wat my vinnig sal kan help. Mag ek dit gou met u bespreek asb?' (Aangenaam verras aan beide kante, dink ek.) 'Sekerlik. Wat is die probleem?'

Ek sê: ‘Nee Kaptein, geen probleem nie, net ‘n oningeligte oumatjie wat gehelp moet word’. ‘So, laat ek hoor’, sê die Kaptein. Ek gee hom die oumatjie se verklaring en sê, ‘Die arme oumense wat nie in die Polisiediens of Weermag was nie, weet nie van al die reëls en regulasies en wette nie’.

Hy lees die brief aandagtig en sê: ‘Die Oumatjie kan eintlik in groot moeilikheid kom. Ek sien die arme mens is al hoog in die tagtigs!’

Lang stilte. Hy peins. Hy frons...

‘Hier, vul die vorms in sodat ons die aansoek kan verwerk.’ Net so het hy dit gesê en onmiddellik vul ek daardie vorms in!

Na ‘n paar weke, sowaar ja, was die vuurwapen op die uwe se naam gelisensiéer en nou spog ek met ‘n mooie WEBLEY 476 REWOLWER 1892 MODEL! So swaar, ek kan ‘n opponent met hom doodslaan.



People are hungry for stories.
It's part of our very being.

Storytelling is a form of history, of immortality too.
It goes from one generation to another.
-Studs Terkel

If you don't recount your family history, it will be lost.

Honour your own stories and tell them too.

The tales may not seem very important,
but they are what binds families
and make each of us who we are.

-Madeleine L'Engle






'n Paar stukke gereedskap... om te onthou

Hendrik Schalk Steyn *21 April 1939

Ek het besluit om 'n paar stukke gereedskap in hierdie uitgawe te hanteer wat vir baie in ons nageslag heeltemal vergete en verlore sal wees.

Die Dissel (in die pommytaal 'n adze)

Dis 'n stuk gereedskap met 'n dun geboë lem wat teen die regte hoek aan die hef vas is. Dit word hoofsaaklik gebruik om hout mee te vorm. Werkers het soms die stuk hout tussen hulle voete vasgeknyp en die hout dan bewerk deur die geboë lem van die dissel te gebruik om skulpwerk of induikings uit die oppervlak van die hout te sny. Ek self het as kind met die Dissel te doen gekry toe my vader die ossewa se disselboom vervaardig het. 'n Ronde boom word vierkantig gekap om die wa se trekstang te vervaardig. My vriend vertel hy het baie in die VSA gesien hoe om boomstompe uit te hol vir kano's.



Die Molex Molvanger

Instruksies vir gebruik:

1. Grou 'n gat 9 duim by 12 duim by die gang waarin die mol beweeg, groot genoeg dat die molvanger daarin sal pas.
2. Voordat jy die molvanger hanteer, was jou hande om tabak en ander reuke te verwijder.
3. Druk die twee kante oop soos op die skets gemerk A, en plaas die ring gemerk B in posisie.
4. Maak die vanger stewig in die grond vas by punt C met 'n sterk pen en fyn draad. Dis belangrik omdat die mol nie altyd dadelik dood is nie, en dan verdwyn hy in die gang af met jou molvanger.
5. Maak die gat toe met grond en besoek die vangplek periodiek.
6. Indien bogenoemde instruksies noukeuring nagevolg word, is hierdie vanger uiters doeltreffend, en sal jou eiendom binne afsienbare tyd sonder molle wees.

Die Omslagboor (Op Engels 'n breast drill)

Die Omslagboor word op die boor posisie geplaas en daar word druk met die bors uitgeoefen sodat die boor vinniger deur die materiaal wat geboor word kan vorder.



Die boor kan verskillende bore en boor-groottes hanteer. Dit was algemeen in gebruik om gate mee te boor. Toe die elektriese boormasjien uitgevind is, het die omslag in onbruik gegaan, behalwe as mens moes boor waar krag nie beskikbaar is nie.




Die Hooivark of Gaffel

Die kinders in die dorpe ken dit nie. Dit word egter nog daaglik op plase gebruik. Dis 'n stuk gereedskap waarmee jy hooi op sleepwaens en vragmotors op en af kan laai, en ook om gesnyde voer op hope te verwerk.

Die Draagbare Tikmasjien met eie dra-tas

Tikmasjiene het in onbruik geraak toe woordverwerkers en rekenaars uitgevind is, en dokumente met 'n sogenaamde 'printer' gedruk kon word. Mens het 'n vel papier bo in die masjien gevoer, en dan met 'n knop watregs langs die kant sit tot op die regte hoogte gerol. Jy moes 'n stewige gewrig ontwikkel om die toetse hard genoeg te kon druk dat hulle die armpie met die letter op teen 'n swart lint slaan, sodat die letter op die papier verskyn. Aan die einde van elke reël wat jy tik lui daar 'n klokkie en moes jy die masjien se armpie (links van die woord 'Remington' sien jy hom) regterkant toe druk om die papier in posisie te kry vir die volgende reël.



Die Morse-Kode Sleutel

So 'n instrument is gebruik om boodskappe deur middel van elektriese seine aan te stuur lank voor die telefoon in gebruik gekom het. Die morse kode het bestaan uit 'n kombinasie van kort en lang seine. Die operateur het die sleutel vinnig na mekaar gedruk en gelos om kort seine te stuur, of het die sleutel langer op die kontakpunte gehou vir die lang seine.

Die sleutel in die foto hierbo het ek self vervaardig as deel van 'n skoolprojek in 1953. Ek was toe op Randfontein in die Tegniese Skool. Daardie tyd was telegramme en poskaarte nog in gebruik. Beide daardie maniere van kontak maak het ook in onbruik verval.

Die Winkelhaak

Hierdie een is nog in duime afgemerk. Dis van yster vervaardig om 'n betroubare 90° hoek aan te dui.



'Haaks' beteken dat twee vlakke presies 90° teenoor mekaar staan. 'n Winkelhaak word hoofsaaklik gebruik in en om bouwerk en houtwerk, wat in my lewe aan die orde van die dag was. Byvoorbeeld, om die hoek van 'n gemesselde muur te toets, of as jy 'n kas of stoel of tafel aanmekaarsit.



Die Skaapstempel

Dis gebruik om nuutgeskeerde skape mee te merk, met verf. As die skaap se wol afgeskeer is bestaan daar, behalwe vir die merke aan sy oor, geen uitkentekens nie. Om die merke aan die oor te kan ondersoek moet jy elke skaap een vir een gaan vang en uitken. Terwyl sy nuwe wol ná die skeerdery uitgroei, gee ons die skaap tydelik 'n merk wat met hierdie instrument op hom gestempel is.

En daarmee volstaan ek tot volgende keer.



ALL THE EGGS A WOMAN WILL EVER CARRY
FORM IN HER OVARIES WHEN SHE IS A FOUR MONTH OLD FETUS
IN THE WOMB OF HER MOTHER.
THIS MEANS OUR CELLULAR LIFE AS AN EGG
BEGINS IN THE WOMB OF OUR GRANDMOTHER.
EACH OF US SPENT FIVE MONTHS IN OUR GRANDMOTHER'S WOMB,
AND SHE IN TURN FORMED WITHIN THE WOMB OF HER GRANDMOTHER.
WE VIBRATE TO THE RHYTHMS OF OUR MOTHER'S BLOOD
BEFORE SHE HERSELF IS BORN.

Layne Redmond

When the Women were Drummers





Die storie van my pa - Charles Pieter MARAIS *1915 †1953

Joan van Ellewee

Eendag lank, lank gelede... is hoe sprokies begin. Ek wil egter nie 'n sprokie vertel nie, ek wil julle van my voorouers vertel. Maar as ek julle meer van Willa BARRISH (my ma) vertel as van my pa, is dit omdat ek hom nie geken het nie. Hy is twee maande voor my geboorte oorlede.



My ma, Willa Marais
(née Barrish)



Tannie Petra Barrish, ma se suster, my Pa en Ma,
En Oom Daan Marais, sy broer



My pa, Charles Pieter
Marais



My broer Charles, Pa Charles,
my sus Wilma en Ma Willa by
die see

Pa het 'n hartaanval gehad. Hy is hospitaal toe. Twee weke later, in die hospitaal, kry hy 'n tweede hartaanval en is daarvan oorlede. Dit was 22 November 1953. Hy was 38. As dit vandag moes gebeur het, sou hy dit heelwaarskynlik oorleef het. Die eerste hartoerplanting is veertien jaar later, op 3 Des 1967, gedoen (deur dr Christiaan Barnard by Groote Schuur in Kaapstad). Pa sou dalk 'n hartoerplanting of hart-omlyning kon gekry het, wat ook al sy hart makeer het.

Dink daaroor: nou is my ma sewe maande swanger met haar derde kind en haar man is dood. Emosies het heel waarskynlik hoog geloop, want dis hartseer en hormone. Op 'n stadium sê sy baie emosioneel vir haar ouer suster, Tannie Jo INGRAM, sy wil nie hierdie baba hê nie.

Ek word toe Januarie 1954 gebore. Ek was 'n blou baba. Daardie jare het hulle dit nie behandel soos vandag nie. Vandag word die ma behandel terwyl sy nog die baba verwag en dan is daar geen probleme nie. My broer, Charles Marais, en sy vrou, Marietjie, se dogter Joanie (gebore 1984), was ook 'n blou baba, maar Marietjie was voor die tyd behandel.

Maar om terug te kom na my storie: omdat ek 'n blou baba was, moes hulle my binne twee uur 'n algehele bloedoortapping gee. Daarsonder sou ek doodgaan het. Ek het vandag nog die snymerke in my lieste.

Gewoonlik, na 'n geboorte, bring hulle die baba dadelik vir die ma, maar hulle bring vir Ma Willa niks. Sê sy vir Tannie Jo: 'Is my baba nie dalk dood nie? Het die Here my gestraf omdat ek nie die baba wou hê nie?' Antwoord Tannie Jo haar, 'Toemaar, moenie worry nie. Die Here luister nie na swanger vroue nie.' My pa se broer, Oom Daan Marais, het die bevalling en bloedoortapping bygewoon. Hy was 'n mediese dokter. Toe alles verby was, het hy eers my ma kom gerusstel dat ek nog leef, en toe die verpleegsters aangesê om my na haar te bring.

Ons praat anderdag oor die uitdrukking 'blou baba'. Dis wanneer die ma Rh- en die baba Rh+ is. Dit is wat ons leke 'n blou baba noem. Ek het vir 'n verpleegster gevra hoekom praat ons van 'n blou baba, terwyl dit nie amptelik die regte term is nie. Die verpleegster sê toe dis omdat die baba dan letterlik blou om die lippe raak van te min suurstofryke bloed.

Langsaan, 'n gedig van Pa aan Ma. Sy is Villa genoem (uitgespreek Willa) om verwarring te voorkom met haar ma wat ook Willa was.

Kopiereg het al verval, en ek plaas dit sonder skroom. G'n wonder Ma was so hartseer nie. Die gedig getuig van 'n spesiale man en 'n spesiale liefde – Erna

Pa en Ma se grafsteen:



08/02/2007

Aan Villa :
'n klein presentjie van jou "plain en simple" man op hierdie Kruismis more toe Christus is gebore.

Ons dink terug aan daardie dag aan daardie onvergeetlik dag en juig te saam met almal weer in stil aanbidding voor U, Heer.

In kindjie klein, hoe saet, hoe skaan, gestuur vanaf u hemelstraon en Vader, as ons iets mag vra skenk ons ook een, deur U gena.

Charles.

Kopiereg voorbehou, nie oordraagbaar, nie uitsaaibaar en nie oaxvertelbaar.

Wat ek van my pa se héél vroeë jare weet is dat hulle in Ottoshoop gebly het toe hy vyf jaar oud was... en die gesin 'n groot trauma ervaar het.

In die ou kerkhof op Stinkhoutboom is daar interessante grafte te sien. Die eerste Myntkommissaris is hier begrawe. Daar was ook Engelse en Australiese soldate wat gesneuwel het maar hulle is later herbegrave by 'n oorlogsmonument. In vir vroeë jare 1900's is 'n Landdros Marais doodgeskiet deur 'n mnr Schultz. Mnr Schultz is deur Landdros Marais op 'n swartlys geplaas vir onwettige drankhandel. Hy het homself daarna geskiet. Albei is in hierdie begraafplaas begrawe. Mr Schultz se graf is agterstevoor gesit omdat hy 'n moordenaar was. Daar is ook grafte van Boere wat in die Boere-oorlog gesneuwel het. Daar is ook grafte van die jare 1800's met buitengewone tekse.

Noordwester 5.8.2007

Sy pa, my oupa Charles Pieter Marais, was die landdros op Ottoshoop. Hy is in die hof doodgeskiet deur 'n Mnr. Schultz omdat hy Mnr. Schultz op 'n swartlys geplaas het vir onwettige drankhandel. Schultz het homself daarna doodgeskiet.

Die destydse landdroshof is vandag Ottoshoop se poskantoor. Daarbinne is nog die oorspronklike hofsaal, waar tans die 'Periodical Court' gehou word. Ek en my sus Wilma SWANEPOEL het in Desember 2015 gaan kyk waar Oupa doodgeskiet is.



Ou Landdroshof, nou poskantoor.



Sus Wilma in die hofsaal. Die moord waarskynlik hier gepleeg

die kroeë op die dorp, destyds. Hom glo gereeld aan die sterke drank vergryp. Die inwoners het keelvol geword vir dié verskrikking – en hom op die swartlys laat plaas. Dus; hy is die kroeë op die dorp verbied en die drankwinkels mog nie drank aan hom verkoop nie.

Die was landdros Marais se plig om hom in die hof (deel van die Poskantoorgebou, en vandag nog in gebruik) te vertel hy nou op die swartlys.

VIJF WAPEN UITGEPLUK

Schultz kon dit nie verwerk nie. Hy het sy vuurwapen uitgepluk en die landdros terstond net daar, op die bank, doodgeskiet. Waarop hy gevlug het, en dienders hom agterna geset het. Buite die dorp is hy omsingel, en toe hy wiss daar is nie uitkomkans nie, het hy homself geskiet.

Albei is in die begraafplaas buite die dorp begrawe. Op die landdros se grafsteen staan gegraveer:

Landdros. David Peter Marais in leven Mijn Commissaris te Ottoshoop Z.A.R. Overleden 15 Februarie 1898, 61 jaren oud.

Die landdros lê aan die een kant van die begraafplaas, en Schultz reg aan die ander kant.

Ek het nog 'n berig oor Oupa se moord in Rapport raakgeloop. Hier lyk dit asof Schultz oor sy wangedrag onder die invloed geswartly was.

Die verslaggewer het die landdros met die mynkommissaris verwarr. Charles


Pieter Marais en David Peter Marais se grafte is albei in die ou kerkhof buite die dorp op 'n plaas, Stinkhoutboom. Die OB voor Oupa se sterfdatum staan vir Obid (Latyn vir oorlede). Die grafsteen gee sy sterfdatum as 1920.01.24.



Mnr. Schultz is ook daar begrawe, maar sy graf is agterstevoor gesit, omrede hy 'n moordenaar was.



Bo: Groot-Oupa Charles Pieter Marais, my oupa se pa. Ek het die halwe foto regs van Oupa Charles Pieter Marais by my oom Chris Marais gekry. Heel regs is sy vrou, Ouma Anna Maria DE WET in haar twintigerjare



Ouma Annie Marais is na haar man se moord 'n weduwee met drie seuntjies: Dis hulle hier, v.l.n.r. **Charles** (my pa), en my ooms Daan en Chris.

Ouma Annie trou toe met my stiefoupa, Steve SMUTS. Sy was 'n onderwyseres en hy was 'n skoolhoof in Lichtenburg, waar Annie toe gaan woon het.



Vader Smuts en Ouma Annie Marais op 'n perdekar, later jare

'n Staaltjie wat ons by Oom Leon, Oupa Smuts en Ouma Annie se seun en my pa se halfbroer, gehoor het, is dat toe Oupa Smuts met Ouma Annie Marais sou trou, hy haar trek van Ottoshoop na Lichtenburg met die ossewa laat haal het. Daar sy 'n dame was, besluit hy sy kan nie met die ossewa ry nie, en het hy 'n perdekar gestuur om haar te kry.



Pa Charles en Broer Chris Marais



Ouma Annie Marais en Oupa Steve Smuts en hul seun, my oom Leon

Oupa Smuts het vyf kinders by sy eerste vrou gehad: Steve, Letitia, Dolly TROMP/SMITH, Josie VAN DER RYST*, en nog 'n seun, Martin, by 'n tweede.

Toé dié tweede vrou ook sterf, trou hy met Ouma Annie. Hulle het saam weer 'n seun, Leon.

In totaal: **nege kinders** om groot te maak. Die gesin het hom Vader genoem. Ek noem hom Oupa Smuts.



Ouma Annie Marais (die blondine) en 'n vriendin

*Vandag se mense sal vir Annalize van der Ryst ken. Sy is 'n aktrise en speel in die televisieserie *7de Laan*. Ek spot altyd dat ek familie van haar is. Hou nou mooi kop: sy is my pa se stiefsuster, Tannie Josie van der Ryst, se man se broer se aangename dogter. **Dis** hoe ek familie van haar is.



Pa Charles, Martin Smuts, Daan Marais, Chris Marais en Wagter



Letitia Tromp, Dolly Tromp, Pa Charles, Josie van der Ryst met Leon Smuts, Daan Marais

Oom Daan en Oom Chris het altyd gesê hulle het grootgeword in Parabaai. Dit was destyds die armer deel van Lichtenburg waar Oupa Smuts die skoolhoof was. Oupa Smuts het geglo jy bly waar jy werk.



Pa Charles Pieter Marais as opgeskote seun



Danie Marais(staande), **Pa Charles**, Chris Marais en Martin Smuts(staande). Voor sit Leon Smuts

Ouma Annie is ook later dood, toe trou Oupa Smuts met sy vierde vrou: Tannie Helen, wat hom oorleef het.



Begrafnis 19 April 1941. Ouma Annie Smuts is dood op 13 April 1941
Agter: Martin en Steve Smuts, Sus Smuts, Chris Marais, **Pa Charles Marais**,
Josie van der Ryst, Boy Tromp, Dolly Tromp, Daan Marais
Voor: Vader Smuts en Leon Smuts



Pa Charles Marais as jong man. Hy was 26 toe sy ma sterf.



Oupa Smuts word 80 jaar op 29 Augustus 1953

Agter: Leon Smuts, Chris + Lena Marais, **Charles + Willa Marais**, Danie + Marie Marais (hou dogter Anette vas).


Middel: Martin Smuts met dogter Linette + Nellie, Marinus + Josie van der Ryst, Vader Smuts + Tant Helen, Stevie + Sus Smuts, Dolly Tromp en haar dogter Letitia.

Voor: Dawie van der Ryst, Johan Smuts, my broer **Charles** hou Riana Marais vas, Annamarie Marais, Magda Marais, my sus **Wilma**, Heleen Smuts, Inus van der Ryst, Steve Smuts, Renier van der Ryst

Pa Charles was 'n elektriese en meganiese ingenieur by Evkom (vandag Eskom). Toe hy in Johannesburg aankom om by die Engelse Universiteit van die Witwatersrand te swot, kon hy net 'yes' en 'no' sê. Hy was sestien in matriek en twintig toe hy sy graad kry, wat beide elektriese en meganiese ingenieurswese insluit en oor vyf jaar geloop het, in vier jaar se tyd klaargemaak.



Pa Charles Marais met 100-jarige herdenking van die ossewa trek in 1938. Hier is hy 23 jaar oud



Pa Charles Marais



Pa Charles en Ma Willa kon baie goed tennis speel, en het altyd die dubbelspelkampioenskappe gewen. Toe trap Ma Willa eendag skeef en breek haar enkel. Hulle moes nege skroewe insit sodat sy weer kon loop. Geen tennis meer nie. Van toe af moes Pa Charles alleen speel en dubbel met ander maats, soos op hierdie foto.

Pa Charles Marais wen tennistrofee

Pa Charles het toentertyd (vóór 1953) al vir Ma Willa vertel hulle gaan nog eendag 'n man op die maan laat land. Sy voorspelling word bewaarheid eers vyftien jaar na sy dood, toe die VSA, in Junie 1969, 'n ruimtetuig, die Apollo 11, maan-toe gestuur het en Neil Armstrong en Buzz Aldrin op die maan geloop het. Shame, almal vergeet van Michael Collins wat in die beheertuig agtergebleef het.



Martin Smuts, Chris Marais, Daan Marais, Pa Charles Marais, Leon Smuts. Kyk die swembroeke en frokkie!



Pa Charles, Oom Chris en Oom Daan Marais



Broers Chris Marais, Pa Charles en Daan Marais.
Kyk die kar!

Ma Willa het 'n hoenderboerdery begin. Pa Charles se broer, Oom Daan, was eers 'n onderwyser. Hy trou met een van Ma Willa se beste vriendinne, Marie MINNAAR. Toe gaan studeer hy voltyds medies. Ma Willa het met haar hoenderboerdery genoeg verdien om elke maand vir hom £20 te stuur vir sakgeld.

Marie, sy vrou, was al die jare 'n huisvrou. Sy kon so lekker gesels. As jy by haar gekuier het, was dit net nodig om so nou en dan ja of nee te sê. Sy het gepraat dat die biesies bewe.

Oom Daan was Daniël Rudolph Marais gedoopt. Hy het die laaste jare voor sy aftrede sy praktyk opgegee en staatsdokter geword. Hy is oorlede in 1997. Eendag loop hy straat-aan in Pretoria en val neer. Ook 'n hartaanval, maar hy was darem al 67.

Oom Daan en Tannie Marie het drie kinders gehad: Riana, Annette en Niël (eintlik ook Daniël, soos sy pa).



Martin Smuts, Dolly Tromp, Daan Marais, Boy Tromp, Annie en Vader Smuts agter.
Voor Leon Smuts, Inus+Josie van der Ryst, Pa Charles



Pa Charles se jongste broer, Oom Chris (Christiaan Ludolph Marais), het 'n M.Sc verwerf. Hy het by die proefplaas in Potchefstroom gewerk. Daar het hulle 'n kuiken geteel met 'n kolletjie op die kop. Die kolletjie laat jou aflei of die dagoud kuiken manlik of vroulik is. Hy het ook baie in duiwe belang gestel en die boek *Teel die wenduif* geskryf. Soos hy ouer geword het, het die doofheid saamgekom. Sy derde vrou, Tannie Issie, vra hom eendag: 'Chris, waar is die duimspykers?' Hy antwoord: 'James Baker is in Port Elizabeth.' Vandag is dit 'n familiegrappie. As jy iets nie reg hoor nie, dan is James Baker alweer in PE.

Oom Chris was eers getroud met Tannie Lena SCHOEMAN. (Haar volle name is Magdalena Bingle Schoeman. Haar ma was 'n nooi BINGLE) Hulle het vier kinders gehad: Magda, Annamarie, Christo en Arnold. Tannie Lena is familie van Prof Bingle wat jare die rektor van die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O. was. Sy is in 1977 oorlede aan lewerkanker.

Chris Marais, Daan Marais en Charles Marais



Daarna is Oom Chris met Elsa getroud. Hulle was so 10 jaar getroud. Toe haar kinders uit die huis is, skei hulle. Toe trou hy met Tannie Issie. Sy is omtrent 'n maand voor hom dood. Die foto langsaan van my broer Charles, Oom Chris en neef Christo Marais is op haar begrafnis geneem, op 5.5.2000. Ek kan onthou hy is 26 Mei 2000 oorlede en op 30 of 31 Mei 2000 begrawe. Hy was 82 jaar oud.



Oom Chris Marais word 80, 24 Oktober 1998. **Agter:** Arnold+Elize Marais, Christo Marais, Niel+Cathy Marais, Charles+Marietjie Marais, Piet+Wilma Swanepoel, Leandra Hitge, Alex Hitge, Heleen+Piet Grootendorst. **Middel staande:** Joanie Marais, Willa Swanepoel, Joan van Ellewee, Magda Hitge, Linette le Roux, Riana+Schalk Nel **Middel sittende:** Gerrit+Annamarie Schoonhoven, 2 vriende?, Ma Willa Marais, Issie + Chris Marais, Millie + Leon Smuts, Gaudi le Roux. **Voor sittende:** Daniël (Niel se seun), Charl Nel, Thomas (Niel se seun), Jolanda en Arlizé (Arrie se dogters), Caitlin Marais (Niel se dogter)

Pa Charles se ouer stiefbroer, Oom Martin Smuts, was die registrator van die Universiteit van Pretoria tot met sy aftrede. Hy was getroud met Tannie Nellie. Hulle is ook albei al oorlede. Hulle het 3 kinders gehad: Johan, Linette en Sustelle. Linette het in Julie 2001, net 2 maande voor haar seun Gaudi (vreemde naam hê?) sy matrieksklaskoes skryf, selfmoord gepleeg. Sy het aan depressie gely.

Pa Charles se jongste halfbroer, Oom Leon Smuts, was 'n prokureur. Hy is met Tannie Millie getroud. Hulle het vyf kinders gehad: Stephanie, Leon, Dawie, Ria en Amanda. Tannie Millie is in 2011 oorlede en Oom Leon is in 2014 oorlede. Sover ek weet is nie een van die 5 kinders getroud nie.

*Agter staan Jan van den Berg, Hannes Smit, **Leon+Millie Smuts**, Wessel vd Berg en Chris Marais.
Voor sit Letitia van den Berg, Josie Smit, my ma **Willa Marais**, Dolly Tromp, Issie Marais*



Pa se oudste stiefbroer, Steve Smuts, was ná 'n besigheidsreis op pad huistoe per vliegtuig. Die man wat langs hom gesit het vertel hulle het nog gesels toe hulle hul veiligheidsgordels vasgespe. Hulle land, en toe almal begin opstaan, kom hulle agter Steve is dood. Ook 'n hartaanval, soos my pa.

Steve Smuts was met Sus getroud. Heleen Grotendorst is hul dogter. Moet haar nie verwarring met Tant Helen nie. Tant Helen was Vader Smuts se vierde vrou.

*Heleen Grotendorst en Wilma Swanepoel agter.
Voor: my ma Willa Marais, Sus Smuts, Riana Nel, Dolly Smit*



Pa Charles se stiefsuster Josie was met Marinus van der Ryst (soms Inus genoem) getroud. Renier en Inus was hulle kinders. Toe Tannie Josie 'n weduwee in haar 80's was, trou sy met Oom Hannes Smit.

Tannie Dolly was met Boy Tromp getroud, hulle het een dogter gehad, Letitia. Boy is toe oorlede, en sy het eers weer in haar sewentigs getrouw, met Nico Smit. Nie lank nie, toe is hy ook oorlede.

Die Marais mense het nie regtig die Smutse goed geken nie, al het Oom Daan Marais in Pretoria gewoon, nes Oom Martin en Oom Leon Smuts. Ons het altyd by Oom Daan gaan kuier. Maar as jy by Oom Martin-hulle wil gaan kuier, dan moet jy 'n afspraak maak. Maar elke keer as 'n mens Oom Martin-hulle bel en vra of ons kan kom kuier sê hulle dit pas hulle nie. Later vra jy nie meer nie.

Ek kan nie regtig onthou hoekom ons so min by Oom Leon gekuier het nie. Dit kan wees omdat Oom Daan en Oom Leon op 'n stadium baklei het en toe omtrent vir tien jaar nie met mekaar gepraat nie. Hulle het so drie jaar voor Oom Daan se dood eers weer vrede gemaak. Later jare het ons Oom Leon en Tannie Millie meer gesien.

En nou ja, dit is die storie van my pa. Fluit-fluit ... my storie is uit!



Toeval of bestiering, nr 3

Johan Naudé

Nou ja, soos julle reeds agtergekom het vertel ek gereeld 'n storie oor die toevallige opspoor van 'n familielid se inligting. Nou hierdie een gaan eintlik oor my oorlede vrou se familie, naamlik haar oupa-grootjie aan vaderskant.

So gebeur dit dat ons in Julie 2010 na 'n Wildtuinvakansie regmaak om huistoe te ry. Vroulief is ook deur die Genealooggogga gebyt en sy wil terstond by die enigste oorlewende tante aan vaderskant op Burgersfort naby Lydenburg uitkom. Nou 'n man praat nie teë as vroulief 'n idee in haar kop kry nie, dus ry ek maar die draai om Tante Ria Klopper te gaan besoek, toe reeds diep in haar tagtigs. Dit was natuurlik 'n groot gebellery daar in die Wildtuin om Tannie Ria se telefoonnummer te kry, want daar was jare laas kontak met haar. Maar weereens is die geluk aan ons kant en kry ons haar nommer en maak kontak.

Daar aangekom, word familie uitgelê, van Adam en Eva tot vandag. Die beplande uur se kuier word 'n hele dag, sodat ons besluit om maar oor te slaap, want dis te laat om verder te ry.

So deur die aand se gesprek kom dit uit dat Oupa- en Oumagrootjie ROOS albei in Lydenburg se begraafplaas begrawe is. Grootjie Pieter Gerhard Roos *15 Aug 1852 het 'n winkel op Brandfort gehad. Hy kom kuier op die plaas Olifantshoek, distrik Buffelsvlei, tussen Burgersfort en Lydenburg vir kleindogter Ria en haar man. Hier kry hy longontsteking, is hier oorlede en word op Lydenburg begrawe.



Vroeg die volgendeoggend vat ons die pad na Lydenburg se begraafplaas. Dis nou nie die grootste begraafplaas wat ek nog gestap het nie, maar groot genoeg as jy nie 'n idéé het waar die graf geleë is nie. Na so 'n uur se stap gebeur die toeval van hierdie storie. Moeder natuur roep my en ek moet 'n draai loop. Al beskerming teen loerende gesiggies is 'n ou murasie van lank gelede se gereedskapstoer. Kry ek toe my staan teen die muur en net hier langs my lê 'n grafsteen op sy rug, toe onder die gras en stof. Toe ek klaarkry met my besigheid, vryf ek met my voet oor die steen. Wás my verbasing nie groot toe ek die name en datums op die steen sien! Ek roep vroulief nader en sy bevestig dis Grootjie Roos se steen!

Nou waar is Oumagrootjie se graf? Die soektog gaan voort en na nóg 'n uur kry ons haar graf. Oupa se name is ook daarop maar geen datums nie. Later vind ons uit dat Oupagrootjie langs die gereedskapstoer begrawe is, maar die graf het bly insak en hy is toe tien jaar na sy dood saam met sy vrou, wat toe ook al oorlede is, herbegrawe.



Maria Catharina Magdalena Roos (*Eberson), Pieter Gerhard Roos (*1924), Pieter Gerhard Roos (*1856), Johannes Daniel Preiss Roos (*1927)
Foto Preiss Roos

*Maria Catharina Magdalena ROOS née
EBERSON, Pieter Gerhard Roos *1924,
Pieter Gerhard Roos *1856, Johannes
Daniël Preiss Roos *1927*






Die vreemde vreemde verhaal van Adolf Soltke

(aankoms 1884 Delagoabaai)


Kobie Ströh

Sir Percy Fitzpatrick het Adolf Soltke se ontroerende verhaal neergepen. Ek vertel hieroor vir julle oor uit sy boek *Outspan*, in 1897 gepubliseer. Ek het eers 'n ander Storiewa-storie in gedagte gehad, maar toe ek hierop afkom, wis ek, dís die een!



Die geboorteplek van Jock of the Bushveld, No 70 op hierdie kaart van die Kruger Nasionale Park, is waar die gebeure afspeel.

Koördinate S 25 11.741 O 31 19.690



Fitzpatrick was 'n skrywer, politikus, myner, jagter, transportryer en sy vele avonture het hy neergeskryf, o.a. ook in die geliefde boek *Jock of the Bushveld* (1907).

Hy het in 1882 besluit om sy fortuin te gaan soek in die goudveld van Pelgrimsrus, met min sukses. Hy het toe by 'n groep transportryers aangesluit en het gereelde togte tussen Lydenburg, Barberton en Delagoabaai onderneem.

Met die ontdekking van goud op Lydenburg het duisende fortuinsoekers op die dorpie en omgewing toegesak, elkeen met hoop en drome van daardie groot rykdom wat hy gaan vind. Daar het toe 'n geweldige behoefté na basiese dinge soos voedsel, drank, wapens, toerusting, ensovoorts ontstaan en sodoende het die transportrybedryf ontwikkel met geharde transportryers wat te midde van groot gevare, ontberings en opofferings dapper hulle waens met ware voortgedryf het. Gewoonlik is die plat waens deur tot 24 osse getrek, deur bosse en roofdierwêreld. Hierdie transportryers was bekend vir hulle dapperheid en was maar 'n ruwe klompie saam.

Dit was op een van hierdie togte vanaf Delagoabaai na Lydenburg wat die vreemde verhaal ontvou het.



Een skemeraand in 'n baie warm stowwige Laeveld, het twee transportryers vooruit geloop om 'n bokkie te soek om vir die pot te skiet. Hulle gewaar skielik iets baie vreemds en ongewoons. 'n Man het onder die yl blare van 'n doringboom op 'n geel reistas gesit en boeklees. Heeltemal alleen, netjies geklee, met selfs 'n hardebolkeil op sy kop. Hy het 'n ou sambrel van swart sy oor sy kop gehou. Hy het ewe hoflik opgestaan toe hy die manne gewaar, sy hoed gelig, sy plek in sy boek met sy vinger gehou en breed geglimlag. Hy groet toe vriendelik in Engels met 'n swaar Duitse aksent. Hy was 'n jong man, ongeveer 23 jaar oud, duidelik 'n vreemdeling in hierdie area. Vinnig het hulle uitgevra en te wete gekom dat hy te voet op pad was na die goudveld as prospekteerde. Hy wou aanvanklik saam met 'n wa reis, maar aangesien daar nie een beskikbaar was nie, het hy maar die pad te voet aangedurf, menende dat die stappery hom goed sal voorberei vir die delwery en hom sterker sal maak. Hy het net gesit en wag vir sy 'boy' om terug te keer. Díe het omgedraai om iets te gaan haal wat hy vergeet het op hulle staanplek.

In sy gebroke Engels het hy vriendelik gesels en die twee transportryers het verstom geluister. Hule het besef hier is 'n goedgelowige, eerlike mens, ernstig oor sy toekoms op die delwerye, maar totaal onvoorbereid vir wat op hom wag.

Die groot groep waens het toe daar aangekom. In die verbyry het die jong Duiter gretig verneem of hulle dalk sy 'boy' op die pad gewaar het. Die twee mans wat hom eerste teégekom het, het op die gemaklikste wa gespring nadat die vreemde man hulle hoflik hoed in die hand gegroet het en bedank het vir die inligting wat hulle aan hom gegee het.

So 'n ent weg het die transportryers onder mekaar begin redekawel oor die vreemde man. Gaan hulle hom nou sowaar net daar aan sy lot oorlaat? Dit is duidelik dat sy 'boy', sy draer, beslis nie gaan terugkeer nie. Hy is weg met alles: kos, komberse en selfs geld wat die jong Duitser vir hom gegee het om sy dokumente, wat hy glo vergeet het, reg te kry. Duidelik is die enigste besitting wat hy oorgehad het die geel reistas. Hy sou vir seker verdwaal op soek na kos en water en beslis in die bosse sterf.

Hulle besluit om hom te gaan haal en die twee mans stap terug na die jong man toe. Daar vind hulle hom voor 'n vuurtjie waar hy verwoed die rook probeer wegwaai wat na sy kant toe trek. Sy gesig het heeltemal opgehelder toe hy hulle sien en dadelik hulp aangebied om te help soek as hulle iets vergeet het. Van sy 'boy' is daar nog steeds geen teken, al is hy reeds meer as tien ure gelede weg. Hy het die jong man sowaar net daar gelaat met niks om te eet nie. Die jong man verseker hulle dat hy nie honger is nie en dat hongerte hom ook goed sal voorberei vir die delwerye. Hy vertel hulle dat sy draer 'n baie goeie 'boy' is wat goed Engels kan praat en dat hy moes teruggaan om sy paspoort te kry anders gaan die polisie hom vang. Hy meen die polisie het hom klaar gevang al het hy vir hom 'n pond gegee om 'n nuwe kaart te kry. Die 'boy' sal sy kleingeld ook terugbring, daarvan is hy oortuig. Vir die mans is dit duidelik dat hy sy draer nooit weer sal sien nie.

Nadat die mans hom verseker het dat dit beslis beter sal wees om op die waens vir sy 'boy' te wag en dat die draer hom beslis weer sal kan opspoor, stem hy in om saam met die waens verder te gaan. Hy tel dadelik sy swaar geel reistas op wat met groot wit letters gemerk was ADOLF SOLTKE. Alhoewel die waens en osse maar stadig beweeg, is dit moeilik om so 'n trek te voet in te haal. Dit was al omtrent middernag wat hulle moeg en gedaan die uitspanplek bereik het. Ten spyte van die 8 myl vinnige stap met die swaar geel tas, was jong Soltke nog steeds die vriendelike ordentlike jong man sonder enige klagtes.



Die jong Duitser word geredelik aanvaar in die groep alhoewel hy dikwels die slagoffer van poetse en tergery van die geharde manne was, iets wat hy sonder enige kwade gevoelens aanvaar het. Hy het letterlik alles kinderlik geglo wat aan hom vertel is. Hy was nie dom nie, maar het net eenvoudig nie kwaad in iets of iemand gesien nie en tog was hy dapper. Een aand het een van die grappmakers op die trek hom voorgelê in 'n donga en na 'n geritsel in die bosse 'n vreesaanjaende brul laat hoor. Soltke het kalm 'n lang rewolwer te voorskyn gehaal (niemand het geweet hy beskik oor so iets nie), dit rustig oorgehaal en ses skote in die bos geskiet tot groot histerie van die grappmaker. Die grappmaker is vir maande lank daarna nie gesien nie en die storie sou nog baie lank tot sy skande oorvertel word. Toe Soltke die ware storie van die leeu vertel word, was hy vir baie lank stil en teruggetrokke, want hy kon nie verstaan wat die man se motief was nie, en kon ook nie dink hoe hy anders kon opgetree het in die situasie nie.

Die geekskeerdery met Soltke het meestal platgeval en soms die manne met 'n skudgevoel gelaat, so byna asof jy 'n kind wou terg. Slegs een voorval het tot 'n onaangename insident gelei.

Saam met die transporttrek was daar 'n aangename, stil jong man, Robbie McKay, van wie almal gehou het. Soltke het sy pyp verlê en gedink dat Robbie dit weggesteek het. Hy het Robbie gevra om die pyp terug te gee. Robbie het dit ontken. Soltke, wat aanvaar het dat dit weereens 'n poets was, het vir Robbie gesê: 'I saw you taking it, you—' en 'n skelwoord gebruik wat hy op die trek gehoor het en duidelik nie die betekenis daarvan verstaan het nie en wat nie sommer teenoor 'n witman gebruik word nie. Robbie se skotse bloed het opgevlam en hy het Soltke 'n stewige regterhaakhout teen die kaak gegee. Almal was verstom en verslae, meeste van almal Soltke wat spierwit aan Robbie gevra het: 'Robbie, what haf I say? I do not understand'. Hy het bleek en seergemaak net daar omgedraai en gaan slaap en daelank daarna in stilte gesit en peins. Robbie het ure nadat hy Soltke om verskoning gaan vra het opgemerk: 'By God! He is white, is Soltke—white all through.'

Soltke kon ook siter speel. Droomklanke met 'n uitdrukking van heimwee en hartseer op sy gesig, iets wat al die manne stil laat lê en luister het in die lig van die vuurtjie, en stil ingedagte gelaat het.

Soltke was gretig om te leer en het sy waarnemings sorgvuldig in 'n dagboek neergeskryf. Hy het die gewoontes en kenmerke van verskeie voëls sorgvuldig neergeskryf. Hy het selfs geleer skiet en probeer om van die voëls op te stop met baie onweliekende resultate. Hierdie pogings van hom het hy orals gebêre tot almal se onsteltenis as die reuk van verrotting te erg raak. Die manne het hom gou Professor begin noem. Hy het die geschiedenis van die area en die herinneringe van die manne op die roete ook aangeteken, selfs 'n lys gemaak van plante en diere en hulle waarde hetsy medisinaal of as moontlike voedselbron. Nogtans het hy nooit sy ideaal om prospekteerde te word vergeet nie en het dikwels die moeilikste en ongemaklikste keuse gemaak om homself voor te berei, soos byvoorbeeld om die knopperigste plek te kies as slaapplek. Sy intense belangstelling en aanhouende vrae het soms die manne in versoeking gelei om gek te skeer. Hulle het interessante en vergesogte verduidelikings aan Soltke gegee wat van alle waarheid ontbloot is.

Een Sondagoggend verby Skipberg met Pretoriuskop in die verte, nadat Soltke soos gewoonlik as getroue Roomse Katolieke eerbiedig sy gebede onder 'n nabijgeleë boom gedoen het, het hy 'n onskadelike duisendpoot raakgesien, duidelik die eerste een in sy lewe. Op navraag is hy meegedeel dat hy nou die gevaelikste, gifstigste reptiel ooit

raakgeloop het, ‘that well-known and most ferocious of reptiles, the viper.’ Deur die loop van ontbyt is hy deeglik ingelig oor die kenmerke van die gevhaarlike reptiel. Ywerig en opgewonde het hy na ontbyt dadelik in sy dagboek begin skryf. Alles getrou in Engels want hy wil die taal ten volle bemeester voor hy die delwerye bereik.

‘Jodoge!’ het hy uitgeroep, ‘Jodoge, how vos dot wiper shpell?’

Key het dit kalm vir hom gespel: ‘W-h-y-p-e-r, whyper,’ en Soltke het dit met eindeloze geduld neergeskryf, maar enkele oomblikke daarna is gehoor hoe hy mompel: ‘Lieber Himmel! Dot vos un oogly name.’

Soltke was nog besig om te skryf toe daar die mooiste, kleurvolste troupand verby gevlieg het en in die nabye boom gaan sit het. Soltke het pen en papier neergegooi en uiters opgewonde gemaan dat almal doodstil moet staan en sy geweer gegryp om die voël te skiet, en van die wa afgespring. Almal het na die voël gekyk toe die dubbelskoot van die dubbelloop haelgeweer donderend afgaan en verwonderd gesien dat die voël roerloos bly sit. Doodse stilte toe hulle omdraai en ‘n doodsbleek Soltke stadig sien vooroor kantel terwyl hy ‘n erg verminkte regterbeen vashou. Die manne het die stil Soltke na die beste van hulle vermoë probeer gemaklik maak en Donald Mackay het onmiddellik vertrek om ‘n dokter te gaan soek. Groot kommer, want almal het geweet dit sal meer as twee dae duur as hy so gelukkig sou wees om ‘n dokter op te spoor. Verder het hulle hom maar net versorg en gekyk hoe die lewe stadig uit hom gly. Soltke het so nou en dan water gevra, gesug, maar nooit ooit gekla of ‘n teken van die pyn wat hy ervaar getoon nie. Sy blou oë was blouer as ooit, dapper en vol kinderlike vertroue.

Gedurende die tweede nag hoor hulle die voetstappe van ‘n perd naderkom. Groot vreugde toe hulle Donald gewaar wat sy perd lei terwyl hy ‘n man met sy arm op die perd balanseer. Wanhoop toe hulle merk wie die man is: Doc Monroe, ‘n stuurse en brutale kwaksalwer apteker en ‘n volslae dronkaard. Oor sy bekwaamheid het ‘n groot vraagteken gehang. Hy was smoordronk. Donald het vertel dat hy iemand gestuur het na die distriksgeneesheer en toe vir Doc Monroe op sy perd gelaai het vir tydelike hulp en gehoop het die 40 myl reis sou hom nugter maak. Tot sy skok het hy agtergekom dat Monroe tydens die reis steeds skelm gedrink het. Die manne het tevergeefs alles probeer om hom nugter te kry: sop, koffie, maar hy het alles geweiер en net whisky gevra, iets wat hulle hom beslis nie kon gee. Dit sou die laaste kans wat hulle het om Soltke te red laat verlore gaan.

Monroe het vir ure lank stuurs op die wa gelê en geweiер om enigsins te help as hy nie sy whisky kry nie. Een van die manne het sy humeur verloor en gesê dat hy Monroe eerder in die hel sal sien as om hom drank te gee waarop Monroe toe antwoord: ‘Then I’ll see your friend dead and rotten before I stir a hand to help him’. Daarna het hulle alles probeer om hom te oorred om te help, gepleit, gesmeek, selfs drank en geld gegee, maar hy het geweiер om te help. Daar was niks anders meer om te doen as om biddend te wag vir die dokter nie. Deur die loop van die dag het Monroe waansinnig geword, gegrom soos ‘n dier en begin blaf, heeltemal deurmekaar van drank-ontrekking. Skielik het hy bewerig tot sy sinne gekom, weer angsbevange begin skree en lag en uiters gewelddadig begin raak. Die manne het geen ander keuse gehad as om hom te oorrompel en onder ‘n boom ‘n entjie weg by die spruit te gaan vasbind nie.

Deur dit alles het Soltke kalm en rustig gebly. Teen die aand het hy tot groot kommer van die manne vir die eerste keer rustig begin praat oor sy huis en sy verlede en van iets wat hom gepla het en van die brandende pyn in sy been en lyf. Teen die aand het hy sy gebedeboek gevra en later gevra om met Robbie te praat.

Teen tienuur die aand het die opgewekte klein doktertjie te perd aangekom en ten spyte van sy uitputting dadelik aan die werk gespring en die versplinterde been geamputeer. Alles het goed verloop en Soltke het salig onder die invloed van morfien aan die slaap geraak en almal het verlig hulself in komberse toegerol vir ‘n welverdiende rus. Hulle het skaars geslaap toe die dokter saggies roep en hulle in kennis stel dat Soltke dood is. Hy het net opgehou lewe. Homself uitgesug, het die dokter gesê, en soos ‘n moeë kind net aan die slaap geraak. Hy het gesterf van gangreen, iets wat die dokter in die swak lig nie kon sien nie, anders sou hy die operasie nie gedoen het nie. 27 Oktober 1884 het hulle Adolf Soltke naby die pad onder ‘n groot doringboom begrawe, die boom waar hy sy laaste gebede gedoen het. Hulle het die bas van die boom so ‘n paar voet afgetrek om as grafsteen te dien.

Die dokter moes dadelik weer die 70 myl terug aandurf om hopelik die volgende pasient te red. Doc Monroe het op een of ander manier losgekom en verdwyn, ‘n baie goeie ding op daardie stadium.

Die manne het begin oppak om verder te trek en die oop dagboek op die wa opgetel. Die laaste inskrywing: "The most verushius of reptile is the Whuy-per—". 'n Groot stilte en hartseer het onder die manne geheers.

Daardie aand om middernag terwyl almal reeds toegerol lê, praat Robbie vir die eerste maal. Hartseer vertel hy dat Soltke hom om verskoning gevra het oor die woorde wat hy aan hom gesê het met die pyp-episode en met gebroke stem vertel hy:



'And he said, too, that we had all been too good to him, and that he had played it low on us; and that he—he hoped the good God would pardon him the greatest crime of all. And he said that I must give his Prayer-Book and his zither,' (Robbie het in 'n sagte eerbiedige toon voortgegaan) 'to—to his child—his little boy.'

Verbasing het geheers, want niemand het geweet dat hy 'n seuntjie gehad het nie.

'Where is his wife?' 'Dead!' het Robbie gesê. 'I—I didn't know he was married.' Robbie het meewarig geantwoord: 'He wasn't!'



'n Paar maande later, 4 April 1885, het Fitzpatrick tydens 'n ander trek van Lydenburg af op dieselfde plek uitgespan. Hier het sy vriend Percy se hond, Jess, kleintjies gekry. Die vriend het die lelikste, kleinste enetjie in die werpsel aan Fitzpatrick gegee. Dit was Jock, die latere beroemde hond Jock of the Bushveld. 'n Hond met 'n heldehart, nes Soltke.

Alhoewel die gebeure deur Sir Percy Fitzpatrick opgeteken was, kon niemand later jare die presiese plek aanwys nie. Eers in 1983 het die senior veldwagter, Thys Mostert, en 'n span spoorsnyers die hele roete van die ou transportpad afgebaken. Naby Samarholespruit, naby Skipberg, het hulle die graf van 'n Europese persoon ontdek. 'n Ondersoek van die oorskot en artikels wat gevind is, het bevestig dat dit die graf is van Adolf Soltke wat laat in 1884 in Delagoabaai aangekom het.



In Engels en Afrikaans op die gedenksteen langsaan staan:

Dit is die plek waar Sir Percy Fitzpatrick se beroemde hond, 'Jock-of-the-Bushveld', vroeg in Mei 1885 gebore is. Die graf hier naby is die van 'n jong Duitser, een Adolf Soltké [23 jaar], wat in die tagtigerjare van die 19de eeu [voor Jock se geboorte] 'n groep transportryers vergesel het. Hy het sy regterbeen per ongeluk met 'n haelgeweer afgeskiet en het aan bloedvergiftiging gesterf, ondanks alle pogings om sy lewe te red.



Bronne:

Geskiedkundige Terreine van

die Kruger Nasionale Park.


Ron Hopkins

Outspan, Fitzpatrick

Jock of the Bushveld,

Fitzpatrick

Wikipedia/Internet/eggsa



Fotos: Gys Ströh 2018

8008

'n Genealoog

... raak met dooies deurmekaar en irriteer lewendes.

... se vakansiehoogtepunt is 'n besoek aan 'n begraafplaas.

... se hartewens is om iemand vriendelik en vrygewig raak te loop
wat dieselfde familielyn navors.

... spends his time chasing his tale.

... is 'n tydriesiger.

... weet dat indien iemand nie oor 'n familielid wil praat nie,
iets baie interessants daaragter steek.

... sê: 'Nag skat. Ek kom nou. Ek gaan net gou ietsie kyk.'
En die volgende ding – kom die al son op.

8008



Gedenkboek vir Pa

Nico Muller

Graag deel ek met julle 'n verwerkte en beknopte uittreksel uit hierdie liefdeswerk. Ek het die gedenkboek vir my naby familie saamgestel toe ons pa in 2013 oorlede is.

Daniël Christoffel MÜLLER is op 14.09.1937 gebore op die plaas Komkyk, en gedoop in die N.G. Kerk Lykso, albei in die Vryburg distrik. Sy ouers was Daniël Christoffel Müller en Maria Johanna Christina VAN RHYN.


Gedurende sy skooljare was hy by 'n seunskoshuis op 'n klein dorpie Kamden in die Kuruman distrik tuis. Hy was 'n baie stoute jong seun. Een keer het hy (seker om sy maats te beïndruk) 'n eetlepel se steel afgebreek. Vir sy straf en om hom 'n les te leer moes hy tot aan die einde van sy skoolloopbaan elke dag met daardie verminkte lepel eet. Dit het so 'n groot indruk op hom gemaak dat die lepel later 'n erfstuk geword het wat sy nageslag bewaar.



Op 'n ander keer is Pa en sy maats uitgevang toe hulle nie die koshuiskos geëet het nie. Hulle het dit in hul broeksakke gesteek en dit later by hul kamervenster uitgegooi. Snags het hulle die plaasboer se mielielande besoek, mielies gesteel, gebraai en geëet.



Jare later het Oupagrootjie Daan Müller vir sy seuns die oorblyfsels van daardie koshuis se fondasies gaan wys. Op die foto wys hy waar sy bed gestaan het. Hy was baie opgewonde, maar ook 'n bietjie hartseer, het baie kattekwaad-stories vertel en ons gewys waar dit gedoen is. Om alles te kroon het hy op 'n ou man afgekom wat daar gewerk het toe hy self nog op skool was! As ons daardie twee gelos het sou hulle die hele dag gepraat het en name van mense uitgeruil het.



Vakansies op die plaas was ook vol kattekwaad. Pa het vertel dat die seuns donkies gevang en hulle na geploegde lande geneem het om te ry. Of die donkies nou wil of nie, hulle was gery, aangemoedig deur 'n bietjie terpentyn en 'n mielie stronk!

Ouma met voortrekkerkappie op en voorskoot om die lyf soek haar pan. Sy weet sommer dadelik waar hy is, stap na buite en sien die rokie trek tussen die bosse. Sy skree op haar seun. "Daan, jou moérneker, is jy weer besig om my pan te verbrand?" Hy is hard besig om die balle te rol. Later, na sy gekalmeer het, kom hy huistoe met sy vars tameletjie en dan eet sy lekker saam. Daarna sukkel hulle saam om die pan te red.

Alles op die plaas was darem nie speletjies nie. Die kinders het baie pligte gehad om uit te voer, voor en na skooltyd. Hulle moes na skape, perde, beeste, ganse en hoenders omsien, hulle voer en oppas. Die koeie moes gemelk word en die diere moes in die lande opgespas word. Daar was daagliks werk in en om die opstal. Water is vanaf die oog aangedra. Kinders wat so geleer is, het Pa gemeen, kinders wat met roetiene en verandwoordelikhede grootword, het ouers geword wat pligsbesef aan hul kinders oorgedra het. Sulke kinders word volwassenes wat hul werk baie ernstig opneem en nooit om dowe neute van die werk wegblý nie. Hulle beskik oor goeie leierseienskappe en word in leiersposisies aangestel.

In die 2016 uitgawe van *Ons Storiewa* het ek die storie vertel van die Kamden Feesmonument wat Pa Daan help restoureer het. Hy was 'n seun van 15 toe dit op 20.2.1952 onthul is.



Gedurende sy vroeë jare het Pa Daan op 'n klein dorpie, Daniëlskuil in die Noordkaap, gewoon. Een donker aand ry hy op sy dikwielfiets huistoe. Hy trap die ketting dat hy kraak, want Daan is baie bang vir die donker. Op die grondpad sien hy 'n wit gedaante staan. Die sweet slaan uit! Wat nou? Vorentoe en vinning verby, besluit hy. Maar as hy links wil verby, gaan die spook ook links, en as hyregs uitswen, gaan die spook ook regs... en hy kom al nader. Naby die spook draai hy vining links van die spook verby, maar ry hom in iets onsigbaars vas. Hy en die fiets ploeg neer en sy hoed val af. Hy vlieg daar op, gryp hoed en fiets en laat spander huis toe. Tuisgekom sien hy dat dit nie sy is hoed nie! Nou het die spook ook 'n hoed gedra, dink hy. Later, nadat hy mooi gekalmeer het, het hy besef die twee spoke was seker maar plaaswerkers wat van die kerk huistoe geloop het; die vrou in wit en die man in swart klere. Hy moes tussen die man se bene ingery het! Wooooo ha ha.

'n Normale dag in Daniëlskuil se skool, maar in die klas is dit nie so normaal nie. Meneer is hard besig om op die swartbord te verduidelik. Hy vra vir Daan om te help met die oplossing van 'n vraag. Meneer kry toe 'n antwoord wat hy nie wou hoor nie en gooi Daan met die borduitveër. Daan reageer vinnig en gooi Meneer terug. Een vir my een vir jou, Meneer. Die onderwyser koes net betyds en die uitveër is dwarsdeur die swartbord. Die twee is sommer dadelik na die hoof. Die skoolhoof luister na altwee se storie. Sy uitsluitsel is "Julle was altwee verkeerd. Gaan asseblief terug klas toe, in vrede."

Eendag leen Daan en 'n broer hul ouer broer se kar, sonder sy wete, terwyl hy by die werk is. Hulle ry van Daniëlskuil in Postmasburg se rigting. Die kar gaan staan en hulle kry hom nie aan die gang nie. Nou maak hulle plan om uit die gemors te kom. In die bagasiebak kry hulle 'n blik verf. Daan verf toe 'n stippellyn en 'n skêr op die enjinkap, en die woorde: 'Knip hier. Die probleem is hierbinne'. Daarna vat hulle die pad. Toe die eienaar daardie middag met 'n vriend huistoe ry, roep hy uit: "Wag. Stop! Is dit nie my kar nie?" Hulle moes maar die kar huistoe sleep. Die diewe is daardie tyd nooit gevang nie, maar 'n paar jaar later het die hele sak patats uitgekom.

Toe Pa Daan 'n beeldskone jong man was het hy vanaf Daniëlskuil by sy ouer suster gaan kuier. Sy was 'n tweedeseisoen lemoensorreerder in die citrusvallei rondom die Ooskaapse dorp Kirkwood. Hy het toe besluit om ook daar by dieselfde maatskappy te werk. Sy pligte was om na masjiene om te sien wat by die lemoenoes en lemoenverpakking betrokke was. Een van die pakkers het sy oog gevang: 'n plaasnooi met rooi hare en blou oë. Suster moes help planmaak sodat hy by haar kon kuier. Hy het geweet: **hierdie** een mag nie wegkom nie!

Die planne het mooi uitgewerk, en op 31.12.1958 het die NG Kerk se huweliksklokke op Kirkwood gelui vir Daniël Christoffel Müller (Jonkman) en Magdalena RENKEN (Jongedogter).





Die wiele is aan die rol, die padkamp reeds opgeslaan. Padkonstruksie gaan begin. Die nuwe pad wat hier gebou moet word gaan 'n moeilike projek wees. Die son gaan een van die grootste struikelblokke wees. Dit verg harde en ervare manne om hier te werk en om die tipe werk 'n loopbaan te maak. Die voorman op die projek is Daan Müller en hy het sy hande vol. Hy moet sorg dat almal hulle pligte verrig. Hy het vandag van die grootste grondverskuiwingsmasjiene ontvang. Omdat hy die enigste een is wat die kennis het om die masjiene te gebruik moet hy ook opleiding gee. Met jare se ondervinding is dit vir hom geen probleem nie. Hy voorspel die projek sal goed afloop, net soos al die voriges.

In Donkerhoek was Pa Daan besig om aan sy Opel stasiewa te werk, maar hy kry nie die probleem opgelos nie. Dan loop hy 'n draai om af te koel. Almal weet: bly weg! Hy probeer weer. Hy vererg hom so dat hy die enjinkap te vining toemaak en hom sommer dubbel vou. Hy gaan lê op die bed en slaap tot hy afgekoel het. Later hoor jy net hoe hy sy handewerk met twee hamers regmaak. Klaar met die enjinkap, pak hy maar weer die eerste probleem aan. Ek het Pa jammer gekry. Dis so jammer dat daar nie altyd geld was om die regte hulp in te roep nie. Pa het beter geluk verdien want hy het nooit gekla nie.

My Pa was kleintyd my held. Op ons kleinhoewe in Donkerhoek het twee diewe Pa Daan se hoenders kom steel. Binne 'n paar uur het hy self altwee diewe aangekeer met die hulp van sy oudste seun en waghond Charka. Teen die tyd dat die speurders opdaag was hulle verbaas om die diewe gevang te sien, met bewysstukke.

Twee hoërskoolmeisies het van die skoolbus afgeklim en huistoe begin stap. Hulle moes deur die bosse naby 'n mynhoop verby. So halfpad het twee swart mans hulle aangeval. My suster Magda, die oudste, was sterker en kon wegkom. Die jonger Charmaine was aangehou, maar het toe later ook losgekom en by die huis aangekom. Pa Daan het onbetaalde verlof geneem, bereid om sy werk te verloor, maar vang gaan hy hulle! Dit het toe so gebeur dat hy een van die mans met Magda se horlosie in 'n boom vang! Die man is toe in hegtenis geneem en Daan is weer werk toe. Nie lank daarna nie, het die tweede man daar aangekom as die melkman. Charmaine het hom herken. Hulle het Daan laat weet en hy het daardie man ook gevang. Toe die polisie daar aankom kon hulle nie glo dat altwee deur Daan gevang is nie. 'n Pa sal alles doen om sy kinders te beskerm.

Voor slaaptyd was dit storietyd. Die lampe en kerse brand. Almal het klaar gebad want na die storie is jy bang en dan wil jy nie alléén in die badkamer wees nie! Daarby het almal gesorg dat hul bed gereed is, oopgetrek om in te spring. Pa begin met die storie van die rowers wat die dorp beroof het en gevang is toe 'n dapper jong seun alles oopvlek. Almal hang aan Pa se lippe. Hy vertel ons ook hoekom die see so vol sout is. Dan is dit tyd vir spookstories. Almal skuif nader aan mekaar en kyk kort-kort om of daar nie iemand agter ons staan nie. Veels te gou is storietyd verby en moet ons bedtoe. Dit is 'n groot problem, want nou is ons goed bang. Jy neem aanloop en spring so twee meter ver bo-op die bed, onder die kombers in, kop en al. My sisters probeer mekaar omkoop om agter, teen die muur, te slaap, al is dit nie hul beurt nie. Maar more, in die sonlig, is als vergete. Ons kan skaars wag dat Pa kan aangaan waar hy opgehou het.

Vakansies bly 'n besondere herinnering. Die ses kinders van ons huisgesin is te bang hulle word vergeet om in hulle beddens te gaan slaap. Hulle slaap maar tussen die vakansietasse onder die tafel op die grond. Vroegoggend word alles gelaai, die kinders soos sardientjies in die stasiewa. As die son uitkom is almal wakker en honger. Daar word by die ronde tafel en stoele langs die oop pad gestop. Die lekkerste wors, broodjies, frikkadelle, eiers, koffie en nog baie meer. Vir diegene wat nie koffie wil drink nie, is daar yskoue water in die sak wat voor die kar hang. Maar Pa het nie mooi na die petrolkan gekyk nie. As gevolg van petrolbeperkings, mag 'n 20 liter kannetjie saamgery word. Die kannetjie het nie mooi geseël nie, en die petrolreuk het in die kos getrek. Dit sit geen kind af nie. Daar word getel om seker te maak die een eet nie meer as die ander nie. Die karre ry verby, druk toeter, daar word oor en weer gewaai. Almal is op pad na 'n heerlike vakansie. Na die verversingstop vat ons weer die lang pad. Die ogies trek toe, die ses

sardientjies lê weer lepel agter in die stasiewa. As die winde breek ruik jy net petrol! Die '8-track tape' speel die mooiste musiek. Almal raak rustig. As die een sardientjie wil draai, moet almal draai - anders is daar knieë in iemand se maag. Ons het maar saamgewerk want ons was bang Pa gaan raas.

Desember met familie by St George se strand:



Opoffering

Ek is Pa Daan ewig dankbaar. 'n Paar jaar gelede is Pa en ek besig om die Müller stamboom na te vors. Daar is hakplekke en ons beweeg nie vorentoe nie. Toe besluit Pa hy sal gaan soek na sy pa se broer se graf. Hy glo ons sal met die nuwe inligting verder kan gaan. Desember, gedurende sy verlof, is hy haastig om die plaasgrafte te soek. Hy was laas daar toe hy ses jaar oud was. Hy is nou sewentig jaar ouer en vandag is dit Bophuthatswana trustgebied. Daar is geen bakens of vaste geboue nie. Hierdie is die Noordkaap vlaktes. Die tweespoor grondpaadjies is in 'n toestand - en hy ry met sy Mercedes Benz. Hy soek die hele dag. Hy is gefrustreerd, maar gee nie op nie. Laat daardie agtermiddag, met die hulp van 'n swart man wat daar naby woon, kom ons op die grafte af. Pa dra kortbroek en plakkies. So ver as wat hy loop steek die dorings deur sy plakkies maar hy gee nie op nie. Hy kruip tussen die haak-en-steekdorings in om 'n foto te neem van die graf waarna ons soek. Die bosse is so ruig dat jy tot by die graf moet kom om iets te kan sien. Met die name en datums op die foto, het ons die koppelings gemaak en die navorsing kon voortgaan. As hy daardie dag opgegee het, waar sou ek dan gewees het met my navorsing? Januarie is ons terug soontoe en het die grafte skoongemaak en die heining herstel.



Vier geslagte Daniël Christoffel Müllers



Totsiens, Pa. Tot ons mekaar weer sien.
†17.09.2013

**Die mooi van onthou lê daarin
dat jy vandag jou gister kan saam vat, môre toe.**



Dolosse en kleiosse

Piet de Coning

'n Woordjie vooraf.

Met die gedagte om die groot aantal fotos en negatiewe wat met die jare in skoendose en laaie bymekaargemaak is te behou, het ek hulle afgeneem met 'n apparaatjie wat dit afneem en in elektroniese formaat stoor. Tussen die negatiewe kry ek fotos van dolosse en kleiosse wat ek as ywerige amateur fotograaf afgeneem het tydens my studentejare.

Die fotos was bedoel vir 'n artikel wat my pa vir die *Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal* geskryf het, maar soos baie ander dinge het ek nooit daaraan gedink om afskrifte van die artikels wat hy geskryf het te hou nie. As mens deesdae wonder oor iets is die eerste stap om "Google" te vra. Met weinig hoop op sukses het ek probeer en tot my verbassing lewer die soektog sommer dadelik 'n lys van artikels wat in die tydskrif verskyn het.

Die lys is opgestel deur Sumarie Ellis en Matilda Burden in Januarie 2017 en is gekry op die webblad van die *Suid-Afrikaanse Vereniging vir Kultuurgeschiedenis*. Die kontakpersoon op die webblad, Prof. Anton van Vollenhoven, het my navraag geantwoord en die kontakbesonderhede vir Prof. Burden aangestuur. Sy en Sumarie Ellis het vir my afskrifte van die artikels gemaak en aangestuur, waarvoor ek baie groot waardering het. Dit was voorwaar heerlik om die artikels te lees, geskryf in my pa se eiesortige styl: so asof mens hom kan hoor vertel. Wat hierop volg is gedeeltelik uit van die artikels en ploeg ek dus met 'n ander man se kalwers... oftewel osse.

Dolosse.

In die knieë van skape en beeste se agterbene is waar die dolosse wegkruip. Met moderne slagmetodes word dit gewoonlik deurgesaag en is dus skaars. By boere wat self slag kon my pa egter 'n vol span dolosse mettertyd bymekaar maak vir die artikel asook 'n kakebeen vir die wa. Byna al die beentjies van skaap en beespote is gebruik as skape, perde, bokke en beeste vir die boerderyspel. Die bene in die toon van beeste was gebruik as perde en met bietjie verbeelding kan mens sien dat die holte in die beentjie plek is vir die saal agter die regop gedeelte wat die perd se kop is. Ander beentjies kan met ewe veel verbeelding lyk soos mannetjies en het diens gedoen as touleiers, wagters, drywers of briekaandraaiers.



Van die beentjies wat diens gedoen het as werkers (links) en perde (regs)

Sestien osse het 'n span gemaak. Mens kan net dink met hoeveel afwagting kinders gewag het vir hulle dolosse, siende dat elke bees wat geslag is net twee opgelewer het. Die dolosse moes reg ingespan word – elke dolos het 'n holte aan die een kant en die holtes van die linker (hot) en regter (haar) osse moes namekaar toe wys om seker te maak dat die osse aan die een kant se horings nie die osse aan die anderkant beseer nie.



Die dolosse met holkante na binne (links) en na buite (regs)

Wanneer die osse ingespan word, word die dolosse noukeurig volgens grootte gerangskik met die grootste, sterkste osse naaste aan die wa. As kind het ek die inspanproses van regte osse beleef. Die osse was goed geleer en as die eerste agteros ingespan word het die ander osse elkeen na sy posisie langs die treketting begin beweeg en gaan staan en wag om ingespan te word. Dan word die juk opgesit, die strop om die skei gehak en so aan tot al die osse ingespan is. Dit het egter die beste deel van 'n uur geneem om al die osse ingespan te kry. Ek glo met dolosse het dit bietjie vinniger gegaan. Na die osse ingespan is, kom die touleier voor die span, die drywer langsaan en die briekaandraaier agter die wa.



*Sestien dolosse voor die kakebeenwa met die touleier voor,
die drywer langsaan en die briekaandraaier agter.*

Om te beweeg, word die osse twee-twee vorentoe geskuif, eers die touleier, dan die voorosse tot by die naasagtersosse waarna die drywer en daarna die agtersosse, die wa en die briekaandraaiergeskuif word. Dan begin dit weer voor en dit gaan stadig want 'n ossewa kon nie vinnig ry nie. As ek reg onthou het my pa gesê so ongeveer 5km per dag maar korrigeer my asseblief as ek dit verkeerd het. In elk geval, klein handjies het die osse teenmekaar gedruk met die duim aan die een kant, die handpalm bo-op en die vingers aan die ander kant om die skuiwery te doen. Groter kinders kon die duim eenkant, die wysvinger tussen die osse en die middelvinger aan die anderkant hou om sodoende die osse te skuif. Ek veronderstel dit was veiliger omdat die osse se horings dan nie beserings kon veroorsaak nie.



Twee maniere waarop die dolosse beweeg is. Links toon hoe die osse twee-twee geskuif is en regs hoe die osse met twee jukke ingespan is sodat die wa en osse gelykydig beweeg kan word.

'n Ander manier was om toutjies of riempies te gebruik om stokkies wat as jukke dien aan elke os vas te maak. Daar is as't ware van twee jukke gebruik gemaak, een op die stert en die ander net agter die osse se horings. Die juk is eers aan die haargtersos vasgemaak, van agter na voor om die romp van die os en dan vorentoe geneem na die naasagtersos en so aan tot al die osse aan een kant vas is. Dieselfde word dan ook gedoen van hotagter tot voor en die voorosse se rieme word met 'n lus om die touleier geplaas. Die wa word met 'n riempie of toutjie wat as trekketting dien van agter tot voor aan al die jukke tussen die pare osse vasgemaak. Die wa en hele span osse kan nou gelykydig beweeg deur net die touleier te skuif.

Die spelery het gepaard gegaan met die nodige byklanke soos met inspan, dryf en karwei en was so realisties as moontlik met die osname gewoonlik dieselfde as die vader se span. In die artikel stel my pa dit so: "By die kinderspel is die proses ook so noukeurig moontlik nageboots, of soos Toon van den Heever in *Werkstaking by die kleigat sê*, is die drywery so luidrugtig dat die osse op die weiveld omkyk en pynlike herinnerings kry".

Kleiosse.

Ongeveer dieselfde tyd as die versameling van dolosse, het ons op pad terug van vakansie by Bloedrivier gestop waar seuntjies allerhande goetertjies aan die besoekers probeer verkoop het. Twee van hulle het kleiosse verkoop en kon nie glo wat hulle tref toe my pa sumier die hele voorraad gekoop het nie. Nege by die een, sewe by die ander en hulle kliënt was tevrede met sy span van 16 kleiosse.

Kleiosse is gemaak van potklei wat ook gebruik is om, onder andere, kleihouers vir huishoudelike gebruik te maak. Suiwer potklei kry mens onder rivierwalle waar die sandgrond weggespoel het. Dit moet geen sand daarin hê nie. Die nat klei word uitgegrawe en deeglik gebrei deur dit op 'n plat klip te stamp, te kap en te knie totdat dit soos brooddeeg nie meer klewerig is en aan die hande vassit nie. 'n Stukkie klei word afgeknyp, groot genoeg vir die figuur wat gemaak gaan word, en in 'n silindervorm gerol. Met die duim is die klei van die middel na die kante gewerk en die pote, kop, skof, stert en horings word gevorm. Belangrik was dat alles uit één stuk klei gemaak moet word, aangesien die osse maklik op lasplekke kon breek. Dis dan mooi glad gemaak met 'n natgelekte duim en vingers. In die proses het kinders wel 'n bietjie klei ingekry, maar die kindergeloof was dat klei gesond is vir die maag. Op dieselfde manier is die touleier, drywer, jukke, sleë en selfs waens van klei gemaak, soms met verstommende kreatiwiteit en kunstigheid.



Twee van die kleiosse wat my pa ter illustrasie ingespan het met 'n juk gemaak met 'n stukkie bamboes en spykertjies as skeie

Die osse en ander figure is op 'n plank op die middelmuur van die huis geplaas om te droog, omdat dit buite in die son en wind fyn barsies gekry het. Nadat dit goed gedroog het, is dit in die oond gebak. Die voordeel van 'n houtstoof is dat die oond altyd warm is. Die bakproses het die osse donkerder en sterker gemaak en ook 'n effense glans laat kry sodat die osse blinkvet vertoon het.

Kleiosse het egter makliker gebreek as dolosse en kon dus nie met toue en jukke aanmekaar gebind word soos dolosse nie. Pogings om dit te doen het dikwels rampspoedige gevolge gehad. Tog is daar voortdurend gepoog om die spel so werklik as moontlik te maak en dikwels is die osse ingespan met jukke, skeie en riempies. Die osse is egter gewoonlik twee-twee beweeg deur elke paar tussen die duim, voor- en middelvinger vas te knyp en vorentoe te skuif.



Die volle span van sestien osse, ingespan voor 'n slee

Die osse het egter nie net waens getrek nie maar ook sleë waarvan daar twee soorte was. Die V-vorm het bestaan uit twee balke met die nouste punt aan die voorkant waaraan die trekketting vasgemaak is. Dit is veral gebruik waar daar nie paaie was nie soos wanneer klippe uit landerye verwyder moes word. Die ander tipe het twee ewewydige balke met dwarshoute bo-op en het makliker op gebaande weë beweeg. Vir kinderspel is die sleë gemaak van houtjies en is met klei of boomgom aanmekaargesit. 'n Seun was mos destyds nie sonder 'n knipmes in sy sak nie.

Daar was sekerlik baie ander maniere waarop dolosse en kleiosse ingespan is en ek glo dit het van omgewing tot omgewing verskil. Die "regte" manier sal dan sekerlik afhang van waar en wie die osse besit het en mens moet sekerlik nie die boer die kuns afvra nie.

Verwysings.

Dr. J.A. de Coning. Dolosse. Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal. Jaarang 40, Aflewering 1, Januarie 1984. P 7-11.

Dr. J.A. de Coning. Kleiosse. Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal. Jaarang 40, Aflewering 2, Mei 1984. P 1-3.



Plaasskole

Quarta Pretorius

2008


Net na die Anglo Boereoorlog het plaasskole hulle ontstaan in die distrikte gekry. Die plaasmense kon nie almal bekostig om hulle kinders na 'n dorpskool te stuur nie. Hulle het nie oor die nodige vervoer beskik nie, dit was ver en dit was duur om 'n paar kinders in 'n koshuis te laat inwoon of te laat loseer by familie of kennisse.

Die Helpmekaar beweging van destyds en die OVV (Oranje-vroue vereniging) het toe 'n beroep op die regering gedoen om goedkoop onderwys aan ons volk te verskaf. In 1909 was daar reeds twintig goewermentskole op plase net in die Heilbron en Sasolburg omgewing. Van die bekendste plaasskole was Wolwehoek en Skaapplaas naby Sasolburg, en Molendraai en Vegkop in die Heilbron distrik.

Een van die oudste plaasskole was die skool op Vaalbank tussen Heilbron en Sasolburg. Die onderwyser daar was Mnr PJ Marais van die plaas Krabfontein. Gedurende die Anglo Boereoorlog het Marais ook in die Konsentrasiekamp op Heilbron onderwys gegee.

Wolwehoek skool

Op Wolwehoek was daar 'n redelike groot skool. In 1909 was Miss Bell die prinsipaal van die skool. Vanaf 1926 tot 1933 was Mnr Johan Kruger die hoof. Baie van die Heilbronnrs sal hom onthou. Hy is later by die Heilbron Laerskool aangestel en het vir baie jare die spesiale klas behartig. Sy vrou Tannie Ruth Kruger het as Mej Slabbert op Wolwehoek begin en later saam met hom op Heilbron skoolgehou. Die pragtige sandklip skoolgebou is in 2003 gesloop.



Skaapplaas

Nie ver van Wolwehoek af nie, was die Skaapplaas skool. Hierdie sinkgeboutjie is in 1879 opgerig. Tannie Lin du Toit, 'n bekende inwoner en boervrou van die Sasolburg omgewing, het baie jare hier onderwys gegee. Dit was net 'n eenmanskool. Oktober 1966 het tannie Lin met siekverlof gegaan en ek, Quarta Els, het as jong onderwyseressie vir 'n maand by Skaapplaas skool gaan uithelp. In Desember 1969 het die skool gesluit omdat daar toe slegs 7 leerlinge was. Die skoolgebou is ook deur lidmate van die Hervormde Kerk gebruik vir buite-dienste aan lidmate wat te ver van die Hervormde Kerk op Heilbron en Sasolburg was.

Molendraai skool

Molendraai se skool is halfpad tussen Heilbron en Lindley op die ou grondpad. Dit is by die kruising oor die Renosterrivier. In 1902 is hierdie skooltjie begin.



Ouma Lizzie in 1905
kort na haar troue

My Ouma Lizzie Ebersohn, 'n nooi Boshoff, was by Molendraai 'n onderwyseres tot 1905. In 1909 was mnr Malan die skoolhoof. Die skoolkinders was oorwegend Bothas, Cilliers en Weilbachs.




Oupa Jan Ouma Lizzie, 1966

Toe my ouma trou, het haar leerlinge op 24 Februarie 1905 vir haar 'n afskeidsbrief gegee. Op daardie stadium was daar 55 kinders in die skool. Sy het op Vegkop by haar ouers gewoon. Aan die begin het sy elke dag ongeveer 25 km te perd skool toe gery. Later het sy by 'n Botha familie op Molendraai gebly en net naweke huis toe gegaan.

Vegkop skool

Die regering het 'n groot skool op Vegkop gebou. Daar was ook 'n koshuis vir seuns en dogters. Die hoof van die skool was mnr Graphorn. Daar was ook twee goed opgeleide onderwyseresse wat in die koshuis ingewoon het: Mej. Havenga en Sally Buys.

Die kinders moes groentetuin maak om die koshuis selfonderhouwend te hou. Daar is ook koeie gemelk en slagskape aangehou. Die skool is later gesluit. Die koshuis was nog daar tot in die vyftigerjare. Ek onthou hoe daar met geloftefeeste op Vegkop die heerlikste etes in die koshuis voorberei is. Feesgangers kon dan daar middagete geniet ná die feesverrigtinge. Ek was daardie tyd in die laerskool, maar ek onthou nog die groot Agastoof wat in die kombuis gestaan het



In totaal was daar in die Heilbron distrik 57 plaasskole. Dis onmoontlik om almal se name te noem, maar elkeen het die gemeenskap met uitstekende onderrig voorsien. Die fondament wat in hierdie skole gelê is, het gesorg vir die puik leerlinge van Heilbron Hoëskool. Sasolburg het gedurende daardie tyd nog nie bestaan nie en Heilbron se grense het gestrek tot by die Vaalrivier duskant Vereeniging.

Naskrif - Erna wonder oor skooldrag daardie tyd, en Quarta stuur toe 'n foto van Molendraai skool in 1908. Die kinders lyk pragtig uitgevat. Was dit hul normale 'skooldrag', of het hulle daardie dag kerklere vir die foto aangetrek?



En wanneer het Suid-Afrikaanse skoolkinders begin uniforms dra? Wat is die geskiedenis daaragter? Weer help Quarta met 'n foto: 'Plaasskool Williesrust 1932. Hier het sommige leerlinge al *skooljims* gedra.'



2008



Knysna Doopregister

Renier Feldtmann

Kerke se doopregisters is 'n vername bron van genealogiese inligting. Hierdie bronne in hul oorspronklike vorm is nie normaalweg geredelik beskikbaar vir navorsers nie. Wanneer die inligting egter op 'n ander medium geplaas kan word en hierdie medium kan geduplikeer word, maak dit die inligting soveel makliker beskikbaar vir navorsers.


Dit is seker algemeen onder familienavorsers bekend dat die *Church of Jesus Christ of Latter-day Saints* (LDS) wêreldwyd genealogiese inligting op mikrofilm vasvang en dit dan aan sekere instansies beskikbaar stel. Op hierdie wyse is die doopregisters van kerke in Suid-Afrika op film beskikbaar gestel by o.a. GISA in Stellenbosch asook die LDS-kerk in Johannesburg. Die probleem hiermee is egter dat navorsers nog fisies na elke beeld van 'n bladsy van 'n register moet gaan kyk en probeer ontsyfer wat daar geskryf staan.

Wat die saak nog moeiliker maak is dat registers in die vroeë dae in Frans aangeteken was nadat die Franse Hugenote na die Kaap gekom het. Nederlands is weliswaar ook gebruik, maar dié kan immers vandag nog redelik deur Afrikaanssprekendes verstaan word. Met verloop van tyd het die taal sodanig in die land ontwikkel dat Frans mettertyd uitgefaseer is en net Nederlands of Engels gebruik is; in 'n mindere mate ook Duits.

'n Gemeente van die NG Kerk het aanvanklik in die Kaap bestaan waarvandaan die gemeentes van Stellenbosch en Drakenstein (Paarl) afgestig het. Toe die bevolking gedurende die 1700's sodanig na die ooste van die land versprei het, het die kerk dit nodig gevind om in 1795 'n gemeente in Swellendam te stig. Steeds het die mense verder ooswaarts getrek en gedurende 1811 het die gemeente van George van Swellendam afgestig. Gedurende 1851 het die gemeente van Knysna weer van die gemeente van George afgestig.

My navorsing oor die Feldtmann-familie het ek gedurende 2002 begin. Soos almal seker maar doen, het ek met my onmiddellike familie begin. Iets wat in my guns getel het, was die feit dat ek darem geweet het dat my oupa Feldtmann oorspronklik van die Knysna-Plettenbergbaai omgewing afkomstig was.

Gedurende Desember 1945 het my ouers vir oupa en ouma Feldtmann na Plettenbergbaai geneem om daar vir familie te gaan kuier. Sekere insidente van dié kuier kan ek nog redelik goed onthou.



In 2004 het ek en my vrou van ons kinders in die Kaap besoek. Tydens daardie kuier het ek na GISA se kantoor in Stellenbosch gegaan om meer by hulle te probeer uitvind oor my familie. Hier het ek vir die eerste keer kennis gemaak met die doopregister van die NG Kerk in Knysna. Ek is die filmrol met die register gegee wat ek met behulp van 'n mikrofilmleser kon bestudeer. Ek het naastiglik na inskrywings vir 'n Feldtmann familielid gesoek, maar kon niks kry nie. Vir Veldman, Veltman en Veldtman kon ek wel 'n hele paar opspoor. My onbeholpenheid met die leser, asook die ongewone skrif, het heelwat van my tyd in beslag geneem. Ek het nie baie goed gevorder nie.

Terug by die huis het ek op gereelde basis die LDS-kerk in Johannesburg besoek waar ek op afskrifte van die doopregister van Knysna afgekom het. Die kerk het van vroeë dae af die gebruik dat afskrifte van hul doopregister op gereelde basis na die kerkargief gestuur moet word. Uit hierdie afskrifte kon ek ook 'n aantal name opspoor.

Op 'n stadium het ek van die LDS-kerk se webblad FamilySearch te hore gekom en verneem dat foto's van doopregisters daar te vinde is. Ek het na Knysna se doopregister gesoek en tot my verbasing ontdek dat foto's beskikbaar was vir ses registers van die gemeente. Dit het 100 jaar gedek: vanaf die stigting van die gemeente in 1851 tot 1950. Hierdie foto's kon ek na my rekenaar aflaai en daar stoor.

Die beskikbare registers was vir onderstaande periodes:


Aanvangsdatum	Sluitingsdatum	Aantal foto's	Aantal kinders gedoop
10 Augustus 1851	26 Desember 1880	235	1477
09 Januarie 1881	25 Mei 1888	88	716
25 Mei 1888	09 Desember 1906	269	2250
09 Desember 1906	10 September 1922	299	2392
10 September 1922	14 Februarie 1932	197	1867
14 Februarie 1932	25 Junie 1950	445	2575

Die registers het soms oorvleuel. Die rede hiervoor is dat die bestaande register, met die aanteken van die name daarin, vol geraak het. 'n Nuwe register moes dus geopen word waarin die uitstaande name vir dié besondere doopdag aangeteken kon word. Op hierdie manier is geen spasie aan die einde van 'n register onbenut gelaat nie.


Tussen April 2012 en Februarie 2013 het ek die 1533 foto's van die internet afgelaai. Dié foto's het in totaal inligting van 11277 dopelinge bevat.

Met die foto's op my rekenaar, was die probleem hoe om die inligting geredelik beskikbaar te maak. Ek het na heelwat dink daarop besluit om dit na 'n Excel spreivel te transkribeer. Hierdie taak het my etlike maande besig gehou.

Aanvanklik was die transkribering redelik maklik aangesien al die verwante inligting van die kinders met die name van hul ouers en dié van die getuies onder mekaar aangeteken was. Oor die algemeen het so vier kinders se inligting op een bladsy ingepas.



Hier is die inligting in duidelik leesbare handskrif.



Bostaande doop is deeglik getuig: daar was twaalf!

Die uitleg van die laaste twee registers het egter verander. Nou was die kinders se inligting op die linkerblad van die register aangeteken terwyl die ouers en getuies se inligting op die regterblad verskyn het. Gelukkig is die linker- sowel as die regterbladsye van die 1922-1932 register se inligting op een foto vasgevang.

Vir die register 1932-1950 het die persoon wat die foto's geneem het dit goedgegedink om 'n foto van elke bladsy te neem. Ongelukkig het daar 'n deurmekaarspul ontstaan deurdat aangrensende bladsye se foto's nie op mekaar op


FamilySearch se webblad gevvolg het nie. Dit het 'n groot gesukkel tot gevvolg gehad om kinders en ouers bymekaar tuis te bring, maar uiteindelik kon ek dit tog regkry.

DOOP					REGISTER.	
Kinderen.	Naam van het Kind.	Wanneer Geboren.	Wanneer Gedoopt.	Door wie Gedoopt.	Naam der Ouders.	Naam der Doggotrys.
43 ✓	John Henry Hayward	9 Aug. 1922	24 Sept. 1922	Dr Shewen	Robert John Dobson Anna Christina Verblaauw	Henry Hayward Dobson
44 ✓	Martha Magdalena	25 Julie 1922	24 Sept. 1922	Dr Shewen	Carl Jacobus Mattheus Blignault Cecilia Johanna Kluu	Cornelia Wagenaar; Willem Wagenaar, en Christiaan Jonker
45 ✓	Jan Johannes	8 Aug. 1922	24 Sept. 1922	Dr Shewen	Nicolaas Gerhardus Kluu	Martha Kryter; Hendrik de Jager
46 ✓	Frank James Jacobus	13 April 1922	17 Sept. 1922	Protektoraat Kerk, Belaqua	Maria Magdalena Blignault Daniel Jacobus Crouse Helena Christina Francis Crouse	Sara Kluu; Jan Blaauw Peter du Toit Martha du Toit

Met die 1932-1950 register is ook gepoog om 'n alfabetiese indeks van name voor in die register saam te stel. Uit die aard van die saak is dit moeilik om vooraf te bepaal hoeveel spasie vir name per letter gereserveer moet word. Die uiteinde was dat hierdie nie 'n baie suksesvolle projek was nie. Name was ook nie streng alfabeties ingeskryf nie. Dit was slegs alfabeties volgens die eerste letter van die eerste voornaam.

By elke doopgeleentheid was 'n aantal getuies ook teenwoordig. Hulle name is ook in die registers aangeteken. Die aantal getuies het gewissel tussen geen tot soveel as twaalf mense. Ek het egter besluit om net tot 8 getuies se name aan te teken. Ek het die voorname en vanne van die ouers en getuies apart in 'n kolom elk ingesleutel. Op hierdie manier sou dit redelik maklik wees om die inligting op verskeie maniere te sorteer. Sodoende sou dit 'maklik' wees om by ouerpare uit te kom om al hul kinders bymekaar te kry. Dit het egter later geblyk makliker gesê as gedaan.

Dit wil ook voorkom asof die predikante nie altyd die aantekeninge kort na die doop aangebring het nie, maar eers heelwat later. Teen daardie tyd het hy blykbaar nie meer so mooi onthou wie die ouers was nie, want hul name het soms heelwat van mekaar verskil. Andersins het die doopouers nie altyd mooi geweet in watter volgorde hul voorname moes wees nie. Was dit nou Jacobus Johannes Petrus of was dit moontlik Jacobus Petrus Johannes? Soms was dit selfs iets soos Jan Jacobus Petrus Salomo. En vir die vrouens, was die naam dalk nou gespel as Margaretha, Margeretha, Margareita of Margreta? Daar was geen standardisasie in die spelling van name en vanne nie en die predikant het seker maar gespel soos hy goedgedink het.



Maria Grootenhof
Geb. den 2nd July 1844 - Ged. den 13th Oct. 1884.
M. J. Hendrik Cornelis FELDMANN
M. J. Hendrik Cornelis FELDMANN
M. J. Hendrik Cornelis FELDMANN
Sarah van Breytenbach
Philipus Leidaas van Breytenbach
Anna Corolina Smith

Soms is inligting foutiewelik aangeteken en soms glad nie. Versoeke vir wysigings is dikwels ontvang waar die gewysigde inligting per beëdigde verklaring gedoen is. In sommige gevalle was dit slegs op skrif aan die Ring van die gemeente, of aan die kerkraad, gerig wat dan toestemming verleen het tot die wysiging. Weens die feit dat wysigings aangebring is etlike maande of jare na die afskrif van die doopregister aan die kerkargief gestuur is, sal sodanige wysigings nie op die afskrif by die argief verskyn nie.

Oor 'n periode van 100 jaar het die gemeente van Knysna heelwat predikante gehad wat die aantekeninge in die registers gemaak het. Uiteraard het die kwaliteit van hul handskrifte baie verskil - van baie mooi leesbaar tot uiters raaiselagtig. Ink het ook soms verbleik met die gevolg dat sulke dele moeilik leesbaar is.

DOOP REGISTER.	
Waanneer Gedoopt.	Namens van het Kind, de Ouders en de Getuigen.
Cooke	Margaret Irene 26 February 1911
126	Ged. 10. 1911
6- v.	George Benjamin Cooke
m	Sara Elizabeth Barnard
8ett.	Edward Paulus Cooke
	Dirkie Helena Barnard

Ek het geen regstellings aan enige spelling aangebring nie, maar die name bloot getranskribeer soos wat ek dit op die foto kon uitmaak. Ek het ook 'n 'hyperlink' op die spreivel vir elke inskrywing aangebring sodat mens maklik by die relevante foto kan uitkom om inligting te kontroleer.

Uit die register blyk dit dat 'n paar families die Knysna-Plettenbergbaai omgewing oorheers het. Die Barnard-familie het 1327 babas gedoop, by verre die meeste. Tweede op die lys is die van Rooyen-familie met 573 babas. Na hulle volg die Kapp-familie met 544, die van Huyssteen-familie met 510 en die Stander-familie met 413 babas. As die families Botha, Zeelie, Terblanche, Koen en Barnardo/Bernardo ingereken word, dan is die totaal 4820, wat 43% verteenwoordig van alle babas wat gedurende die 100 jaar in die gemeente gedoopt is.

Ek is tans besig om bestaande familie-registers wat GISA gepubliseer het met inligting uit die doopregister by te werk. Ek konsentreer tans meer op die families wat direk met die Veldmans verbind kan word en sal later aandag aan die ander vanne gee. Dis 'n taak wat ek op myself geneem het wat my sekerlik etlike maande sal besig hou.

Indien iemand sou belangstel in die doopregister soos ek dit het, kan ek deur die GGSA Takkie van die Vaalrivierhoek gekontak word. Ek deel dit graag met enigiemand wat mag belangstel.

2002



A death certificate shows you have died.

A photo album shows you have lived.

2003



Aartjie na sy Vaartjie. Wie ry wat?

Sampie Orten

(Die kleur van die motors op die foto's in hierdie artikel stem nie noodwendig met die beskrywings ooreen nie. Ek kon nie altyd 'n foto op die Internet kry wat lyk soos die motor in my geheue nie, maar die maak en die jaar is reg!)

Hierdie is 'n storie van 'n kind wat van verstand kry tot oumens behep is met karre. Sy ouers het in sy kleintyd nie 'n motor gehad nie.

Bill Orton se 1939 Plymouth



*Bill Orton se
1960 Opel Olympia Rekord*



Die een wat hulle eers gehad het was 'n 1939 Plymouth sedan met soort van vierkantige koplampe wat in 1946 uit hul motorhuis gesteel is. Die diewe het naby Middelburg (TVL) 'n verkeerde pad gevat en by die asgate van die dorp uitgekom. In die omdraai-proses het die motor agteruit in 'n groot gat beland en daar het hulle hom aan die brand gesteek waar hy heeltemal uitgebrand het.

In daardie tyd het die mense nie baie smaak gehad vir versekering nie en die Plymouth was nie verseker nie. Die gesin moes maar saam met ander ry as die geleentheid voorgekom het.

Eers in 1961 het pa weer 'n 1960 Opel Olympia Rekord gekoop. Kyk, dít was 'n groot dag! Daar is gelag en gehuil, geskree en gekyk en weer gekyk. Van bo en onder en binne oor en oor en oor. Daardie nag nooit geslaap nie en met dagbreek die volgende oggend op om te gaan kyk of die Opel nog daar was!

Pa was so gewoond daaraan om werk toe te stap oor al die jare dat die kar meer in die motorhuis gestaan het as wat hy gery het. Dit het beteken dat daar meer geleentheid was vir die kind om ondersoek in te stel van hoe 'n kar werk. Komponente van die masjien is afgehaal, oopgemaak om te sien hoe dit binne lyk en dan weer aanmekaar gesit. Dit het goedgegaan tot die middag wat die vergasser heeltemal 'gestrip' was en die aspirant 'mechanic' nie 'n idee gehad het hoe om die ding weer aanmekaar te kry nie. Gelukkig was sy vriend Hardy Rothmann 'n motorwerktuigkundige by die plaaslike General Motors handelaar en kon hy redding bring om die kar aan die gang te kry voordat pa huistoe kom.

Om die Opel te was, was 'n gereelde plesier wat die kind gehad het, nodig of onnodig. Pa het die kar uit die motorhuis getrek en dan kon die gewassery begin. Elke keer het die kind saamgery, want as die wiele draai was hy in. Eendag, toe die motor uitgetrek word het die kind die masjien afgeskakel, die sleutel uitgetrek en dit aan pa oorhandig. Met die skoonmaak aan die paneelbord het hy agtergekom die knop waarin die sleutel pas nie heeltemal afgeskakel is nie en as die knop gedraai word skakel dit die masjien aan. Eureka! Hy gaan nou kar ry! Eers is die enjin net aan en weer afgesit. Dan aansit, koppelaar in en kyk of die ding kan beweeg? Ja dit werk!

Nou is dit vorentoe en agteruit tot vervelens toe.

So met verloop van tyd het die kind se bestuursvermoë verbeter tot die dag wat sy ma se suster die middag kom kuier het en die kind haar moes huistoe vat sodat sy nie sou natreën nie. In die kar, om die hoek of twee en die tannie is by die huis. Nou ja, hy is nou in die straat en gaan nog so 'n blok of twee omry. Op pad huis toe kry hy vir pa wat langs die pad stap! Wat nou? Hy ry maar so ewe verby, kom by die huis, bêre die kar en wag vir die skrobbing wat gaan kom. Pa het die huis ingekom, die kind so gekyk en gevra: Wie het jou leer kar bestuur? Die kind was baie verlig en sy pa se aansien het baie verhoog. Wat 'n PA!!!

So gedurende die jare wat hulle nie 'n kar gehad het nie is daar baie in ander se oë gekyk as daar iewers heen gery moes word. Van sulke geleenthede was het die volgende gevalle baie vreugde vir hom ingehou:

Lorrie Geldenhuys se
1948 Ford Prefect



Hendrik Blignaut se
1948 Chevrolet Woody



Danie Jordaan
se 1950 Studebaker Commander



Jan Orton
se 1953 Chevrolet Sedan (afgestof)



David Blignaut se 1948 Oldsmobile



Piet Roos se 1950 Opel Olympia



Oom Lorrie Geldenhuys het 'n blou 1948 Ford Prefect beskikbaar gestel waarmee daar na die veelbesproke Vlakplaas in Pretoria gery is om vir die Oosthuizen familie te kuier. Die rit was maar stamperig agt die stywe suspensie en die wiele wat maar naby mekaar gesit het.

Oom Hendrik Blignaut was 'n motorwerktuigmonge en 'n man so na die hart van 'n kind. Hy onthou die oom wat 'n 1948 Chevrolet Woody gehad het. Dit was 'n gewone stasiewa maar die agterste deel was van hout gemaak. Hierdie was 'n motor met baie spasie wat twee gesinne maklik kon vervoer.

Oom Danie Jordaan, hy was die Artic- en later die Dairy Maid roomysagent in Ermelo. Hy het 'n 1949 Studebaker Commander gehad waarop hy baie trots was. Hy het altyd gesê as die Stud sy neus se kant toe gedraai het keer nik en niemand hom nie. In sy motorhuis het hy 'n ou karband voor teen die muur gehad waarteen hy moes stop anders het die kar nie ingepas nie. Groot was sy verleenheid toe hy eendag 'n bietjie te vinnig die motorhuis in is en die remme nie so goed wou werk nie.

Dan was daar oom Jan Orton wat gereeld vanaf Carolina in Ermelo kom kuier het. Die grondpad het nou regtig nie sy mooi Chevrolet karre gekomplimenteer nie. Tydens so 'n besoek het die kind 'n lap gevat en die stof van die kar begin afvee tot groot ontstelenis van oom Jan. Weer volpunte vir pa wat sy kind verdedig het. As begrafnisondernemer in Carolina het oom Jan 'n 1948 Chevrolet lykswa gehad wat General Motors in Port Elizabeth in hul fabriek uit 'n Bakkie omskep het. In 1978 is hyself die laaste keer met die voertuig na die begraafplaas vervoer.

Oom David Blignaut het 'n 1948 Oldsmobile Sedan gehad. Hy was ook 'n motorwerktuigmonge in Paarlpietersburg en hy het verstaan hoe lekker dit vir 'n kind was as die agterstewe van 'n kar om draaie so 'n bietjie wegbrek. Hy kon dit ook baie goed doen en was heeltyd in beheer al het sy vrou nie altyd so gedink nie.

Oom Piet Roos, buurman, was altyd so trots op sy Opel Olympia

Piet Roos se 1956 Chevrolet Bel Air



... en later 'n 1956 Chevrolet Bel Air. Die Chev was swart met 'n wit dak, outomatiese ratkas, linkerhandstuur en altyd silwerskoon

Hannes de Wit se 1955 Chrysler



Op in die straat het Oom Hannes De Wit gewoon. Hy was 'n motorhandelaar en het altyd met die mooiste Chrysler motors gery... maar sy aandele het baie gedaal die dag toe oom Hannes die kind se hond in die straat doodgery het.

Koekie Steyn se
1958 Chevrolet Bel Air



Ook op in die straat het oom Koekie Steyn gebly. Hy en sy broer Leon was die eienaars van die GM agentskap in Ermelo. Oom Koekie het 'n oog gehad vir iets meer as die gewone motors.

Koekie Steyn se
1961 Triumph TR3 sportmotor



Goed onthou hy die Chev Bel Airs, Jaguars en dan die Triumph TR3 Sportmotor wat met 'n gebrul van veraf gehoor kon word. Hy het altyd so bietjie skeef in sy kar gesit wat hom waardig laat lyk het om sy besonderse motors te bestuur.

Spietkop se 1956 Buick



Ermelo se spietkop was 'n Pieterse. Die jonges het van nature nie van hom gehou nie maar sy kar was iets heeltemal anders. Die kind se bek het behoorlik oopgehang as hy met die rooi en wit 1956 Buick 'hardtop' verbykom. Natuurlik het dit gelyk of die aarde aan hom behoort want almal het na hom gekyk. Of hy nou op die munisipaliteit se motorfiets was of laag gelê het in die Buick, hy was die een. Min het hy besef hulle kyk vir die kar en sien hom nie eers raak nie.

Die kind se 1963 Opel Kadett



Die verkoopsman by die GM garage was Hannes Vermaak. Sekerlik een van die vriendelikste mense wat jy kan kry.

Ook reg so want die kind het sy eerste tweedehandse motor by Hannes gekoop. Dit was 'n 1963 Opel Kadett wat aan 'n baie goeie baas behoort het en wat altyd al sy dienste gekry het

Hannes Vermaak se
1953 Pontiac Chieftain Catalina



Salie de Lange se
1961 Austin Healey



Hannes het 'n 1953 Pontiac 'hardtop' gery want hy moes 'n mooi voorbeeld stel van wat sy maatskappy kon aanbied.

Ford Model T Skoolbus



Hoëveld Handelaars se
1947 Chevrolet Bakkie



Van die ouer inwoners van Ermelo vertel van die Model T Ford wat sonder 'n bestuurder kinders skooltoe gevat het. Die Blignauts het net buite Ermelo op die plaas Tafelkop gebly en daar het die oupa 'n motorhawe bedryf. Vroegdag het hy altyd ingegaan dorp toe en eers later het die kinders ingery skooltoe. Daar die ouma nie kon kar bestuur nie was die enigste uitweg dat die oudste seun Hendrik die wiel moes vat. Hy was nog so klein dat hy deur die Model T se stuur moes kyk om die kar in die pad te hou.

Gutbrod Bussie



Moderne Droogskoonmakers het 'n Gutbrod paneelwa gebruik om hul klere tussen die winkel in die dorp en die fabriek in die industriële gebied te vervoer. Die ding het altyd gerook en dit het gelyk of hy net geleentheid soek om om te val. Sy tweeslagenjin het agter gesit en die agterwiele het soos die ou Volkswagens ingevou, maar net tot 'n oortreffender trap. Die Gutbrod maatskappy is later deur DKW / Auto Union oorgeneem.

Soos die tyd aanskuif het die kind se belangstelling in motors altyd meer geword . Hy besit nou self 'n paar ouer motors. Dis almal motors wat oor die tyd uitgesoek en bewaar is, tot sy eie (en ander met die selfde belangstelling) se plesier. Liefde vir wiele is in sy bloed! Sy Oupa Blignaut was 'n motorhandelaar en Oupa Orton 'n wamaker en hoefsmid in Ermelo. So kan ek getuig: 'Aartjie na sy vaartjie'



'n Kort botteltjie, groot gif!

Stefanus Jesaia Jansen van Vuuren

My ma, Catharina Cornelia Jansen van Vuuren gebore ROOS, het bekend gestaan as Rina. Sy was kort en kwaai, maar was 'n goeie, vrygewige vrou met 'n mooi hart.

Rina is gebore op die plaas *Exselcor** buite Ladybrand OVS, op 21 April 1939.

Sy het op Ladybrand skoolgegaan. Hulle pad dorptoe en skooltoe was deur die kloof en hulle moes kort-kort die troppe wilde ape ontwyk.

Sy was die oudste dogter van Stefanus Jesaia Roos en Johanna KRIEL. Soos in die geval van alle kinders het sy kwaaijongstreke uitgehaal en my oupa baie grys hare besorg!!

Laterjare verhuis hul na Modderrivier, waar haar pa sy eie plot op Rietrivier besproeiingsskema gekoop het. Rina het ná skool in Kimberley by Elizabeth Conradie Skool vir kinders met spesiale behoeftes begin werk. Daar het sy my pa, Widd, ontmoet. Twee weke later is hul getroud en oppad Oos-Londen toe! Hulle het veertien keer getrek. Ek is baie bly ek het nie hul trekkersbloed geërf nie.

Sy het drie seuns in die lewe gebring: Frans Hendrik, Stefanus Jesaia (die uwe) en Francois Wiid.

Sy het dit nie maklik met vier mans in die huis gehad nie. Glo my! Sy het ons geregeer met 'n ysterhand!

Sy's gebore met groen vingers. Maak nie saak wát en wánneer sy iets plant nie, of dit binne of buite seisoen is, dit groei weelderig en blom met prag! Sy het 'n hele paar keer met die eerste prys vir die mooiste tuin in Vanderbijlpark weggestap. Kosmaak en bak was haar voorstel. Sy kon uit nik vir ons 'n dis optower en voorsit wat die manne in haar lewe met vol pense na die maal laat sleglê het.

Kyk! Soettand het ons beslis gehad, en Ma had soet vingers ook. Sy het vir die beste, heerlike lekkernye gesorg. Haar klein koeksisters was by almal 'n wenner en daar was bestellings van heinde en verre. As sy na 'n oggend se gebakkery die middag gaan rus het, en ons jonges kom huis van die skool, dan lê koeksusters so verleidelik uitgestal in die kombuis om koud te word... Ons kon dit nie weerstaan om 'n paar te gaps nie. Dan sê Ma uit die kamer: 'Los! Dis bestellings.' (Sy kon deur mure sien!) Ons antwoord met twee in die mond: 'Ja! Ons weet!' Vandag dink ek sy het maar altyd ekstra gemaak vir ons en nik gesê nie.

Erg op haar huis was sy. As dit by huisskoonmaak kom was sy nogal 'n tiran! Ons moes die hele dag buite bly, behalwe as jy met die skoonmaak moes help of meubels rondskuif. Glo my, ons het dit geniet as sy ons die dag uitjaag, want dan het ons piekniek gehou met die versnaperinge waarvoor Ma gesorg het. Kyk, sy kon vir ons honger wolwe sulke heerlike, smaakvolle goed voorsit dat ons ons beslis elke keer ooreet het.

Die ouer garde het altyd gesê dat 'n man sy vrou volgens sy ma kies. Wel, ek dink dis waar, want my ander helfte is nes sy. Vlytig in die kombuis, baie kreatief met die hande, kwaai in haar huis en baie, baie goed met onse geldsake!

Dankie, Ma, vir al die leer en teregwysing wat ek partykeer te laat agtergekom het. Sal altyd lief wees vir jou!

*Wiki vertel dat *Excelsior* die naam van 'n Oos-Vrystaatse dorp is, omtrent halfpad tussen Winburg en Ladybrand. Dis in 1910 deur boere gestig. Hulle wou 'n dorp nader aan hul plase hê. Daar was twee plase beskikbaar vir die nuwe dorp: *Sunshine* en *Excelsior* (Latyn vir 'Hoër Op'). Omdat die plaas *Excelsior* 'n hoër ligging gehad het, is dié toe gekies. Die plaas *Exselcor*, waar Rina amper derig jaar later gebore is, moes nader aan Ladybrand gewees het -Erna





Poskantoor herinerringe

Wilma Jansen van Vuuren

Ons staan. Dis 'n lang ry in die Poskantoor nou die dag. My kind is al geïrriteerd, en ek ook. Die ry vloeи stadig en ai! Die poskantoor se werkers! Ek laat maar my gedagtes dwaal en begin onthou uit my kinderde... en vertel my dogter die storie:

My ou moeder sou haar regmaak vir ons uitstappie. Aan die einde van elke maand gaan ons dorptoe. Ma was nie gelukkig genoeg daardie tyd, om 'n bestuurslisensie te hê nie. Soms, as daar geld is, het ons taxi gery. Menigmale moes ons al die pad stap. Vir 'n vyfjarige kind was dit *vrek* ver! Dit was so vier kilometer se stap deur groen stroke.

Ma is heel eerste bank toe, dan gou-gou al die ander goedjies gedaan: skuldplekkies betaal, dan, as daar geld genoeg is, 'n koeldrank gekoop. Net buitekant die poskantoor het ons in 'n lang, stadig-vloeиende ry gaan staan. Ons kinders het op die trappe gespeel of op die muurtjie geklim en versigtig daarop loop balanseer. Ma het soms streng beveel: 'Kom staan *stil!*'

Minute het soos ure gevoel. Ure soos dae! Een-een skuif die ry vorentoe. Jy raak geïrriteerd en nukkerig, maar Ma kyk jou net aan met daardie skerp oë van haar... en jy sluk maar jou geneul.

Uiteindelik staan jy binne in die Poskantoor. Die ry lyk nog net so lank soos buite, maar dis hier koeler (in die somer) of warmer (in die winter) as anderkant daardie deur.

Dit voel of die poskantoorpersoneel hul eie salige tyd vat. Hulle is min gepla. Kliënte staan ure en wag! Die toonbankpersoneel sleepvoet soms agtertoe, waar hulle dan in 'n ander kamer in verdwyn. Baie lánk daarna kom hul voetjie vir voetjie te voorskyn. Jy voel jy kan hul treë vir hul aanpas. Jy is moeg en hulle is so treurig. Hulle kan dalk net omval. Hul is klaar dód. Ja, oorlede dood sê ek vir jou. Jy raak moeilik en Ma raak met jou omgekrap.

Die personeel is tog só moedswillig. Al die toonbanke behalwe één is onbeman, maar skielik ruk die laaste personeellid 'n bordjie uit: 'Gesluit. Maak gebruik van ander toonbank.'

Die personeel is terug. Waar was hulle?

Die ry beweeg weer vorentoe, en nou moet jy skerp wees. Jy sien nie altyd as daar 'n oop toonbank is nie. Die mense agter stamp jou sommer bietjie of tik jou ongeduldig op die skouer. Knik met die kop: 'Dáár. Jou beurt. Toe, gaan!'

Ma ruk gou die rekenings uit wat sy moet betaal, en geld daarvoor en vir seëls koop en die strokies vir pakkies ook. Voor by die toonbank gee Ma als wat sy dink nodig is. Maar nee! Die vrou wil ma se ID boek óók hê! Dan kyk sy voor in Ma se boekie. Kyk na Ma en weer na die boekie. Ag, kry net klaar, *asseblief!* Dit *IS* my ma! Sy tel 'n pen op en skryf dieselfde ding op vyf papiere. Kon sy nie net eenkeer geskryf het en klaar geskryf het nie?

Ag nee! Daar stap sy sommer net weg en gaan staan en gesels met iemand by die deur van 'n klein kantoortjie. Na 'n ruk kom sy teruggestap... draai oppad weg na 'n houtrakkie. Vroetel. Haal iets daaruit. Ek dink sy wil Ma nie eintlik help nie... maar dáár kom sy uiteindelik terug.

Uiteindelik is ons klaar! Ons gaan Wimpy toe vir 'n *milkshake* en broodjie – as ek my gedra het en as daar geld is.

Dit was erger as Pa vir Ma dorp toe vat. Dan moet ons kinders in die kar sit en wag. Ons het *my kleine ogies* gespeel, gesing, of selfs gesigte getrek vir die mense wat verbystap. Die vrolikheid het kort voor lank in 'n woordewisselling verander en dan was daar 'n bakleiery. Van lekker lag kom lekker huil.

Die tyd stap ook nie in die motor aan nie. Soms sou een van ons vinnig uitspring om te gaan gaan loer hoe ver Ma en Pa in die tou is. Dan loop jy stadig en hangkop terug motor toe, want hul is nog nie náby klaarkry nie.

As 'n volwassene het ek ook destyds rygestaan en met mense se treurigheid gesukkel. Dis nie meer so dikwils nodig met vandag se tegnologie nie. Dankie tog daarvoor. Ek staan nou baie selde in daardie aaklike Poskantoorry. My posstukke word per koerier huis afgelaai. Televisie en ander rekeninge word met elektroniese oorbetalings gedaan.

Plaas Kersfees

Dit is Desembervakansie en soos gedurende baie ander skoolvakansies is die Britzies weer op die plaas. Die plaas is geleë in Groot-Marico Vergelegen. Net so 66 morg grond. Die plaashuis het Ouma se eie hande gebou. Dit het 'n ongelooflike groot, breë stoep. Blink gepoets en syglad. Enige kind se dróóm!

Dis Kersfees, dis Kersfees...! Vroegoggend kom maak Ma ons wakker. Opstaan! Maak klaar vir kerk! Ons kan nie opkom nie. Ons het dan eers vanoggend gaan slaap! Volgens gewoonte het ons Ouksaand om middernag ons geskenke gekry, en daarom is ons nog moeg en ons oë so swáár. Maar ons ruik al die heerlike moerkoffie wat prut op die koolstoof en die wors en eiers wat braai in die pan. Ons gaan aan tafel sit, gedek soos altyd. Daar is vars gebakte brood en konfyt, slap- of stywe mieliepap om van te kies en koue kos van gisteraand. Almal baklei oor wie se pap in die worspan geroer gaan word. Die groot bederf: daar is ook melktert vir ontbyt! Oupa open met gebed en almal val in om gou klaar te eet.

Na ete word als flink weggepak. Sleutels, Bybel en Gesangeboeke word gegryp. Die Kerk is maar 'n halfuur of so se ry, duskant die dorp, op die Zeerust pad uit. Ons is spoggerig aangetrek met ons tuisgemaakte rokkies en ons hoedjies op ons kop. Jy sal nie durf waag om sonder jou hoed kerktoe te gaan nie. Pa en Oupa trek die motors uit die ou waenhuis.

Die diens begin stiptelik. Sommige dames se hoede is so groot soos sombrero's. Hoe moet 'n kind nou verby dit kan sien? Na kerk word almal 'n geseënde Kersfees toegewens, en almal vertrek weer plaas toe.

Tuis haal Ouma eers gou vir teetyd heerlike versnaperings uit terwyl die kinders solank begin om vinnig die tafels op die voorstoep teenaan mekaar te skuif, sodat daar sitplek vir almal by die noenmaal sal wees. Na teetyd kry elke kind sy of haar werkie. Die kos kry die laaste afronding en alles word stoep toe aangedra. By elke bord kom daar 'n kleurvolle hoedjie en 'n klapper.


Dis twaalfuur en die feesmaal begin! Die tafels kreun onder al die kos. Dis beestong, soutvleis, gebraaide hoender, varkboud en skaapboud. Daar is groentes soos pampoen, boontjies, wortels en kool en slaiae: wortelslaai, beetslaai, mengelslaai en aartappelslaai. By dit alles dan nog gebakte aartappels, rys of mielerys. Wat eet jy? Wat los jy? Daar is net te veel. Oupa doen die tafelgebed. Almal sit hul hoedjies op. Klappers klap en spat die wêreld vol. Almal is vrolik. Dis Kersfees! Die borde word hoog met kos gelaaai. Daar word gesels en geëet en nogmaals geëet! Na ete word die tafel vinnig afgedek en die oorskietkos word gebêre vir die aand of selfs die volgende dag – as daar oorbly! Jy mag maar ietsie daarvan peusel as jy lusky.

Oupa, Ouma, Pa en Ma verdwyn dan skelmpies. Hulle gaan 'n bietjie skuinslê. Die kinders speel, elk met sy of haar eie nuwe speeding. Dis mos maar 'n nuutjie - so 'n nuwe speelding. Gou vlieg die tyd, en die grootmense kom een-een weer tevoorskyn. Oupa en Pa kom sit op die stoep en Ouma en Ma sit die ketel op die koolstoof vir middagtee. Die tafel buite word weer gedek met koeke, terte, en sommer alles wat lekker soet is. Gróót sonde, sê ek vir jou! Koffie en tee word uitgedra op 'n groot skinkbord. Die aroma vul die lug waar die familie gesellig verkeer. Sonbesies sing hul sang in die verte. Voëls gesels in die ou jakarandaboom voor die stoep.

Ma bring ons gunsteling boek tevoorskyn: *Water-bobbejaan* deur Venter en Anette Stork. Almal word stil. Ma lees voor en ons skaterlag. As die uitbundige gelag vir Oupa te veel raak word ons gou stilgemaak. "Sjoes! Toe, gaan aan Miempie," hoor ek sy stem nog. As Ma klaar gelees het, en almal tevrede is, dek ons die tafels af.

Die son begin sy gesig wegsteek en skemer daal oor die plaas neer. Stille Nag, Heilige Nag. Ons hoor Oupa se stem roep: dis boekevat tyd. Ag nee! Nie vanaand nie! Gedweë stap ons die huis binne en kry ons sitplekke by die tafel. Oupa lees voor en eindig met 'n gebed. Soos altyd wil ons net aan die slaap raak. Oupa bid so lank. Wil hy nie ophou bid nie?

Daarna gaan haal ons die speelkaarte uit die yskas. Ouma steek dit daar vir Oupa weg. Almal wat wil kaart speel kom neem stelling in aan tafel. Pa en Oupa sit eenkant en gesels. Die aand loop tot 'n einde, en nog 'n Kersfees is iets van die verlede...



My Pa se Engelse name – Waar vandaan?

Hendrik (Pottie) Potgieter

My naam is **Hendrik Jacobus POTGIETER [a.b7.c9.d4.e1.f4.g1.h12.i1.j1]** en ek wil julle graag 'n bietjie vertel van my Pa se Engelse doopname.

As jong tienerseun het ek nie eers van Genealogie gewééet nie, m.a.w. ek het nooit daaroor uitgevra of daarin belang gestel nie. Eers jare later het ek besef hoe belangrik familie herkoms is, en alles wat daarmee te doen het – insluitende mense se doopname. Ek het destyds nooit eens gewonder oor my Pa se Engelse name nie, of eers gewééet dat hulle nie volgens die tradisionele wyse toegeken is nie.

Aan moederskant is ek die 10de geslag vanaf haar eerste ROSSOUW voorsaat. Hier is 'n uiteensetting vanaf Geslag nr 5, om te wys waar haar Engelse voorsaat dáár in die prentjie kom:

Geslag 5	<p>Jan Adriaan ROSSOUW (oudste van 14 kinders) *1826 Uitenhage, Port Elizabeth †1901 Coetz(s)eeskraal, Wodehouse-Stormberg area, Dordrecht</p> <p>X Anna Susanna MULLER *1828 Cradock-Queenstown area, Stormberg †1878 Plaas Coetz(s)eeskraal, Wodehouse-Stormberg area, Dordrecht</p>		<p>Richard Henry (Theophilus) SYMMS *1820 Langford, Somerset, England † 1863 Plaas Schilder Krantz, Dordrecht</p> <p>X Johanna Christine WATKINS *1829 Cradock-Burghersdorp area †1916 Plaas Sparta, Wodehouse-Stormberg area, Dordrecht</p>
Geslag 6	<p>Fredrick Jacobus Adriaan ROSSOUW (3de van 13 kinders) *1853 Wodehouse-Stormberg area, Dordrecht † 1942 Plaas Oorlogspoort, Amersham, Wodehouse-Stormberg area, Dordrecht</p>	Trou met	<p>Aletta Magrita SYMMS *1858 Plaas Schilder Krantz, Dordrecht †1942</p>
Geslag 7	<p>Jan Adriaan ROSSOUW (oudste van 2 kinders) *1875 Dordrecht †1943</p> <p>X Maria Elsie Cecelia JACOBS *1876 †1955</p>		
Geslag 8	<p>Richard Henry (Riet) ROSSOUW (8ste van 13 kinders, en Ouma Pollie se ouer broer) *1907 †1972</p> <p>Cornelia Johanna (Pollie) ROSSOUW (my Ouma, 9de van 13 kinders) X Hendrik Jacobus POTGIETER *1909 †1976</p>		

Geslag 9	Henry Richard POTGIETER (my Pa en oudste van 4 kinders) *1931 †2000 X Gerrie Maria Elizabeth GOUWS *1933 †2006
Geslag 10	Hendrik Jacobus POTGIETER (oudste van 4 kinders) *1957 X Heidi SCHUMACHER XX Elsie Cathrine VAN DER MERWE (Eloff)

Om 'n bietjie agtergrond te gee voordat ons by my gevolgtrekkings uitkom, begin ons nou weer terugwerk vanaf my geslag:

Geslag 10 – Ek as kind

Ek is in 1957 gebore. As oudste seun het ek my Potgieter-Oupa se name gekry. Meeste mense noem my Hendrik, of Pottie, my bynaam volgens my van.

Geslag 9 - Pa en Ma



Henry Richard POTGIETER was die oudste van 4 kinders. My Pa was so Afrikaans as wat jy kon kry en dis ironies dat hy twee Engelse name gehad het. Baie mense het my Pa Henry genoem en meeste familielede het hom as Basie geken. Niemand het hom Richard genoem nie.

My Ma, Gerrie Maria Elizabeth GOUWS, was die 6de van 7 kinders. Baie mense het my Ma Marie genoem en die meeste familie het haar geken as Gerrie.



Geslag 8 - Oupa en Ouma



Oupa Hendrik Jacobus POTGIETER is oorlede toe ek 12 jaar oud was. Hy was die 12de van 16 kinders.

Ouma Cornelia Johanna (Rossouw) POTGIETER is oorlede toe ek 19 jaar oud was. Sy was die 9de van 13 kinders. Haar ouer broer, **Richard Henry ROSSOUW** was bekend as Riet.

Geslag 7 - Oupa- en Oumagrootjie



Ouma se Pa, my Oupagrootjie, Jan Adriaan ROSSOUW, was die oudste van 2 kinders. Sy vrou was Anna Maria Elsie Cecelia JACOBS. Hy het sy Oupa se name gekry, soos die gebruik was. Oudste seuns is na die Pa se Pa vernoem. Tweede-oudste seuns na die Ma se Pa.

Geslag 6 – 2de Oupa- en Oumagrootjie



My 2de Oupagrootjie aan oumakant, Fredrick Jacobus Adriaan ROSSOUW, was die 3de van 13 kinders. Hy het één van sy Pa se name gehad: Adriaan. Hy was getrou met Aletta Magrita SYMMS, en haar Pa was 'n Engelsman.



Geslag 5 – 3de Oupagrootjie

My 3de Oupagrootjie aan Pa se Ma se kant was Jan Adriaan ROSSOUW. Hy was die oudste van 14 kinders en trou met Anna Susanna MULLER. My ander 3de Oupagrootjie op Ouma se kwartierstaat was **Richard Henry** SYMMS. Huidiglik is ek nog besig met navorsing, en dink hy was waarskynlik deel van die 1820 Setlaars toe hy in sy geboortejaar saam met sy ouers Suid-Afrika toe gekom het. Sy vrou se name, Johanna Christina WATKINS toon dat sy moontlik 'n boeredogter met 'n Engelse Pa was, en daartoe geneë sou wees om 'Engels' te trou.

NAAM BETEKENIS

Ek het 'n bietjie gaan kyk wat daardie twee Engelse name in my stamboom beteken.

Henry: Hierdie Germaanse persoonlike naam is saamgestel uit die elemente haim (home) + (ric) (power / ruler). Dit het in Engelnd bekend geword deur die Noorse groepe in die vorm Henri, en het gedurende die Middeleeue baie gewild geword. Daar was agt Engelse konings wat die naam gedra het, en ses Franse konings.

Richard: Die voornaam Richard is ook van Germaanse oorsprong. Soos hierbo, beteken die *ric*-deel liniaal, leier, koning, of kragtig en die *hard* kan vertaal word as sterk, dapper, gehard. Dit beteken dus 'sterk in reël' of 'sterk regeerder' of 'dapper leier'. Richard is 'n algemene manlike voornaam in baie Germaanse tale, insluitende Engels, Duits, Noors, Deens, Sweeds, Yslands en Nederlands. Dit word ook dikwels as 'n Franse, Ierse, Skotse, Finse of Estoniese naam gebruik. Richard the Lionheart was 'n beroemde, geliefde en dapper middeleeuse Engelse koning.

BESPREKING

Die tradisionele wyse van naamgee in 1907 toe Ouma se broer Riet sy Engelse Oupagrootjie se naam gekry het, én toe my Pa sy name gekry het, was om die name as volg toe te ken (natuurlik was dit ook maar net 'n riglyn en is dit nie altyd slaafs nagevolg nie):

Normaalweg is vernoeming as volg gedoen:

- Die oudste seun na die oupa aan vaderskant.
- Die tweede seun na die oupa aan moederskant.
- Die derde seun na die pa.

- Die vierde seun na die pa se oudste broer.
- Die vyfde seun na die ma se oudste broer.
- Ensovoorts.

Dieselfde gebruik het vir dogters gegeld, maar met die moeder as uitgangspunt.

Daar is van dié gebruik afgewyk indien die persone reeds vernoem was, soos wanneer die vader en oupa alreeds dieselfde name gehad het.

My Pa se name, volgens die POTGIETER familie, moes gewees het:

- Hendrik Jacobus (vernoem sy pa)
- Marthinus Johannes (vernoem sy pa se oupa)
- Marthinus Johannes (vernoem sy pa se oupagrootjie)

Die uitsonderlike wyse van toekenning van name gedurende daardie periode kon ook gewees het om die oudste seun te vernoem na die Ma se Pa of Oupa of Oupagrootjie. Alhoewel dit nie 'n algemene praktyk was om die Ma se Pa of Oupa of Oupagrootjie so te vernoem nie, kom dit tog voor in baie van die bloedlyne, d.w.s. my Pa se name volgens die ROSSOUW familie kon ook gewees het:

- Jan Adriaan (vernoem sy Ma se Pa)
- Fredrick (Frederik) Jacobus Adriaan (vernoem sy Ma se Oupa)
- Jan Adriaan (vernoem sy Ma se Oupagrootjie)

GEVOLGTREKKINGS


Geen van hierdie tradisies is gevolg om my Pa, die oudste seun, te vernoem na sy Pa of Oupa nie. En nou wonder ek maar net hardop:

- Toe my Pa in 1931 gebore is, wou my Ouma hár Ouma Aletta se Pa, Richard Henry, vernoem? Op daardie stadium was haar Ouma Aletta 73 jaar oud, en sy is oorlede toe sy 84 jaar oud was. My Pa moes haar – sy Oumagrootjie – dus seker darem geken het, want hy was met haar dood al 11 jaar oud.
- Hoekom het Ouma-hulle die aangetroude ROSSOUW stamname gebruik? Was daar'n erfposie betrokke?
- Was Ouma dalk op daardie stadium kwaad vir Oupa, dat die POTGIETER stamname nie gebruik is nie?
- Was Ouma én Oupa dalk albei kwaad vir die Potgieters?
- Het Ouma dalk deurmekaargeraak met die name? Haar broer was **Richard Henry** en toe doop hulle my Pa **Henry Richard**, d.w.s. die name word omgedraai?
- My Oupa het my Pa se doop gaan registreer. Het **hy** dalk besluit, toe hy sien dat die POTGIETER stamname nie gebruik gaan word nie, om vir ouslaas die kaarte deurmekaar te krap deur die name om te draai van **Richard Henry** na **Henry Richard**?
- Het Ouma dalk 'n geheime bewonderaar gehad wat se naam **Henry** of **Richard** was, of albei, en toe vernoem sy my Pa na hom?

Ek weet ook nie, ons kan maar net bly spekuleer. Die persone wat die besluit geneem het is lankal oorlede en die storie is verlore. Die name is nou so in die geskiedenis aangeteken vir die nageslagte. My broer het sy seun na ons Pa vernoem: **Henry Richard**.

Die verwarring duur dus voort na die volgende geslag... maar 'n mens moet seker 'n genealoog wees om so te voel.

2008



Nou kan ons uitspan... vir 'n rukkie.

Begin solank werk aan julle volgende storie vir 1 October 2019